Jerigo Mure Gebedsgids – Julie 2009

Woensdag 1 Julie 2009

Gebedsfokus op gevangenisse: Suid-Afrikaanse gevangenisse

Terwyl ons daarop fokus om volhardend vir deurbrake in ons land se gevangenisse te bid, wil ons jou ook uitnooi om by van die Christelike byeenkomste wat jy bywoon, hierdie saak te noem en te vra of julle as groep daarvoor kan intree. Aangrypende dinge het alreeds oor die afgelope twee jaar in ons land se gevangenisse plaasgevind. Laat ons daarin volhard om tot God te bid vir duisende voorbidders vir ons gevangenisse. Bid veral dat honderde gevangenes hulle lewens aan die Here sal oorgee en daar op die manier 'n ommekeer in ons gevangenisse sal kom. (Vir verdere inligting oor hoe om betrokke te raak by dienslewering aan gevangenes, skakel die *Jerigo Mure* kantore by tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Gebedsfokus op Israel: Basiese behoeftes

Baie Israeliese gesinne is nie in staat om in hulle skoolgaande kinders se mees basiese behoeftes soos skryfbehoeftes en kospakkies te voorsien nie. Verskillende Christen-organisasies binne Israel help om in hierdie behoeftes te voorsien uit fondse wat deur Gelowiges uit ander volke aangestuur word. Bid dat hierdie praktiese gebaar van liefde Jode se harte sal aanraak en dat hulle tot geloof in Christus Jesus sal kom. (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webruimte: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net).

Donderdag 2 Julie 2009

Gebedsfokus op gevangenisse: Getalle-bendes in beheer van gevangenisse in Suid-Afrika

Gevangenisse in Suid-Afrika gaan gebuk onder die invloed van drie bekende bendes waarvan die 28's die oudste is. Die 28's is in 1906 gestig na aanleiding van 'n opstand deur 28 gevangenes. Dit het 'n eiesoortige militêre-styl hiërargie, met uitvoerige kodes van straf en beloning en hulle eie seksuele gedrag en gewoontes tot stand gebring. 'n Ingewikkelde protokol bepaal watter nuwe rekrute as seksmaats vir gevestigde bendelede sal dien. (Webruimte: http://news.bbc.co.uk/2/hi/programmes/correspondent/1298829.stm). Vanselfsprekend vrees alle nie-lede hierdie bendes. Bid asseblief vir bendelede en veral vir die huidige leiers van die 28's in Suid-Afrikaanse gevangenisse. Bid dat die wortel van die ontstaan van hierdie groep uitgetrek en vernietig sal word en dat baie bendelede Jesus Christus as persoonlike Verlosser sal ontmoet.

Gebedsfokus op indiensneming: Twintig miljoen poste word bedreig

Daar word geraam dat die finansiële krisis tot 'n rekord werkloosheidsyfer kan lei met 20 miljoen werkers wêreldwyd wat teen die einde van 2009 werkloos kan wees, waarsku die *Internasionale Arbeidsorganisasie*. Werkloosheid kan van 190 miljoen in 2007 tot 210 miljoen teen die einde van 2009 styg, wat beteken dat dit die eerste keer in die geskiedenis sal wees dat die 210 miljoen-merk verbygesteek word. Die populasie van werkende armes wat met minder as een dollar per dag moet klaarkom, sal met 40 miljoen vermeerder en dié met twee dollar 'n dag, met meer as 'n 100 miljoen.
(Webruimte:
http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=nw20081020165136169C177302&newslett=1&em=177813a6a20081030ah). Bly bid vir God se genade en ontferming, veral vir die armer mense wat swaarkry o.a. as gevolg van ryk mense se inhaligheid. Bid dat kospryse sal daal en dat elkeen 'n ordentlike maaltyd per dag sal kan geniet.

Vrydag 3 Julie 2009

Gebedsfokus op gevangenisse: Getalle-bendes in beheer van gevangenisse in Suid-Afrika (verv. 2 Julie)

Dit was a.g.v. opstand teen sodomie dat die tweede vernaamste bende tot stand gekom het: Die 27's-bende. Hulle staan in die gevangenisse bekend as die manne van bloed. Hulle lojaliteit teenoor hulle 'offisiere' word getoets deurdat hulle bereid moet wees om bewaarders en medegevangenes met 'n mes te steek. In *Pollsmoor Maksimum Gevangenis* is bykans die helfte van die bewaarders al minstens een keer met 'n mes gesteek of gesny. (Webruimte: http://news.bbc.co.uk/2/hi/programmes/correspondent/1298829.stm). Dra vandag al die lede van die 27's-bende reg oor die land in gebed aan die Here op. Bid ernstig vir hulle verlossing en dat die invloedryke leiers in hierdie bende berou sal

kry oor hulle en hul voorgangers se dade. Bid dat Hy intersessors in ons gevangenisse sal opwek om vir die bendelede te bid sodat die bendes sal ontbind en lede as kinders van God sal begin funksioneer.

Gebedsfokus op gesondheid: Feite oor waterverwante siektes
Elke 15 sekondes sterf 'n kind aan 'n siekte wat op een of ander wyse met water verband hou. Waterverwante siektes is die hoof-oorsaak van sterftes by kinders onder vyf jaar. Ongeveer 88% van alle siektes word veroorsaak deur onveilige drinkwater, ontoereikende sanitasie en swak higiëne. (Webruimte: http://www.water.org/waterpartners.aspx?pgID=916). Moenie moeg raak om met gebed en smeking in te tree vir die benarde omstandighede van kinders wêreldwyd nie. Bid vir die doeltreffende en deurlopende suiwering van beskikbare waterbronne wêreldwyd.

Saterdag 4 Julie 2009
Gebedsfokus op gevangenisse: Getalle-bendes in beheer van gevangenisse in Suid-Afrika (verv. 3 Julie)
Die bende bekend as die 26's bewys hulle lojaliteit deur besittings te roof van bewaarders en medegevangenes. (Webruimte: http://news.bbc.co.uk/2/hi/programmes/correspondent/1298829.stm). Dra die lede van die 26's- bende in SA-gevangenisse in gebed aan die Here op. Bid vir 'n Goddelike ingryping in hulle lewens. Bid dat baie na die waarheid en die lewende God sal begin soek en dat hierdie bende in 2009 heeltemal omgekeer sal word vir Jesus. Bid dat baie gered sal word.

Gebedsfokus op prostitusie: Nuwe wette verbied die koop van seks in Noorweë
'n Nuwe wet is in Noorweë van krag, wat die koop van seks onwettig verklaar. Noorweërs wat betrap word dat hulle prostitute tuis of oorsee betaal vir seks, kan 'n stewige boete of ses maande gevangenisstraf opgelê word. Hierdie streng nuwe maatreëls is soortgelyk aan maatreëls wat reeds deur ander Skandinawiese lande soos Swede en Finland ingestel is. Die Noorweegse polisie is selfs gemagtig om afluister-apparaat te gebruik om inligting in te win. (Webruimte: http://news.bbc.co.uk/2/hi/europe/7806760.stm). Dank die Here vir hierdie wette. Bid dat Noorweë in staat sal wees om hierdie wet prakties toe te pas, maar ook dat die Kerk met empatie na prostitute sal uitreik, hulle vir Jesus sal wen en hulle sal help om hulle lewenstyl te verander en werk te kry om in hulle lewensbehoeftes te kan voorsien.

Sondag 5 Julie 2009

Memoriseer
Die Here sal jou altyd deur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Hy sal jou sterk maak. Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie (**Jes.58:11**).

Skep jou persoonlike gebedshuis: Fokus op geloofsverklaring
Laat U koninkryk kom
Om by hierdie "vertrek" in die huis van gebed in te gaan, is spesiaal. Stel jou 'n vertrek voor van waar jy oor Die Koninkryk van God kan waak. Jesus is ons voorspraak by die Vader. Hy sit aan die Vader se regterhand en tree vir ons in. "Laat U koninkryk kom" is 'n uitnodiging aan God ons Vader om ons gids en heerser te wees. Dit het betrekking op onsself, ons gesinne, die Kerk, ons land en die nasies van die wêreld. Die Koninkryk van God is daar waar Hy soewerein heers, waar Hy vertrou word en nie betwyfel, bevraagteken of weerstaan word nie. Die woorde "Laat U koninkryk kom" is nie maar sonder betekenis nie; Die Koninkryk is nie iets wat op jou sal neerdaal as jy hard genoeg konsentreer en dan is dit meteens daar nie. Dit verg ware treë van gehoorsaamheid deur gewone mense soos ek en jy wat God voortdurend uitnooi om beheer te neem oor die verskillende terreine van ons lewens.

Stel jouself in op God se perspektief: Is dit waar in jou lewe dat God waarlik op élke terrein in beheer is? Of is daar nog terreine wat jy sukkel om prys te gee? Die meeste van ons het sulke terreine. Die oplossing is eenvoudig om dit te erken, te bely en die Vader te vra om ons te help om te bly prysgee totdat daardie "terrein" geheel en al "oorgegee" is. Dan het Sy koninkryk op daardie terrein gekom. Vra die Heilige Gees om vir jou terreine soos hierdie te wys en bid dan hierdie kwessies deur met die Here.

Gebedsfokus op sending: Suid-Afrikaanse sendelinge na Japan
Van die 128 miljoen Japannese, is minder as 1% Christene. Shikoku, die kleinste van die vier Japannese eilande, is 'n Boeddhiste-vesting en een van die gebiede wat die sterkste weerstand bied teen die evangelie. Die plaaslike gemeente vertrou dat God werkers sal stuur om hulle hiermee te help. Bid tot die Here om werkers te roep, op te wek en te stuur om die plaaslike gemeente by te staan, die taal aan te leer en die guns van die mense op eenvoudige maniere te wen. Bid voortdurend vir die persone wat reeds op die oproep geantwoord het, vir beskerming, wysheid en deursettingsvermoë in 'n land wat hemelsbreed van ons eie verskil. (Stéphan en Carina van der Watt, e-pos: jsvdwatt@lantic.net).

Gebedsverhaal: 24/7 Gebedswag in die *Sun City Gevangenis*

Hoe het die gebedswag begin?
Johannesburg Gevangenis is nie 'n plek waar enigiemand wil woon nie. Dit word ook *Sun City* genoem omdat die helder sekuriteitsligte 24/7 brand. Ongeveer 11 500 gevangenes kwyn weg in die oorbevolkte selle van vier gevangenisgeboue (genoem A, B, C en Vroue).

Maar nou het die *Son van Geregtigheid* in en deur *Sun City* begin skyn omdat meer as 400 gevangenes dag en nag in 73 24/7/365 gebedswagte die Naam van die Here aanroep. Die gevangenes in hierdie gebedswagte bid 'n gemiddeld van 12 uur per dag – terwyl hulle die Here vertrou om hulle te help om mettertyd die volle 24 uur per dag te dek! Gevangenes roep uit na Jesus Christus, die Seun van God, dat herlewing in *Sun City* sal uitbreek. Hulle bid vir Johannesburg en vir Suid-Afrika en ja, hulle bid vir **jou!**

Dit het alles in 2006 begin toe die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* in Witwatersrand gereageer het op oproepe uit die *Johannesburg Gevangenis* om hulle oor gebed te kom leer. Ons was geskok toe ons uitvind dat slegs vyf permanente personeellede verantwoordelik was vir die geestelike welsyn van 11 500 gevangenes – die kapelaan en 'n geestelike werker in elke gevangenisgebou! Omdat daar baie Christengevangenes was wat gretig was om te leer bid, is 'n kursus wat die *24/7 Prayer and Care Lifestyle Course* genoem word, ontwikkel om hulle te leer bid.

Vyftien gevangenes van die Vrouegevangenis van *Sun City* was die eerstes wat die kursus voltooi het. Hulle het tien 24/7 Gebedswagte gevestig, waar hulle tesame met ander Christengevangenes bid! Toe was daar 'n GROOT VERRASSING! Nege van die suksesvolle studente wou as leiers (aanbieders) opgelei word! Van hierdie nege het sewe die kursus suksesvol voltooi wat weer op hulle beurt 66 gevangenes opgelei het met *Jerigo Mure se personeel* slegs as toesighouers oor die proses. Een van die vyf modules van hierdie kursus handel oor 24/7 gebedswagte en moedig elke student aan om 'n 24/7 gebedskoördineerder te word. Daarna word hulle aangemoedig om ander gevangenes te werf om daagliks 'n gleuf in die gebedswag te beman.

Watter wenke het julle vir ander wat so 'n gebedswag wil begin?
Om 'n gebedswag in 'n gevangenis te begin moet jy baie geduld en tyd hê en die Here se liefde vir gevangenes en hulle bewaarders. Die beste manier om te begin is om die bestaande *24/7 Prayer and Care Lifestyle Course* in die gevangenis aan te bied. Hulle wat die eerste kursus bywoon sal waarskynlik ook die eerste gebedswag (of -wagte) begin. Dit is belangrik om tydens die aanbieding op die uitkyk te wees vir potensiële leiers (kursusaanbieders). Aanbieders uit die gevangenesgeledere sal jou werk dupliseer, maar hulle het jou voortdurende ondersteuning nodig.

Waarvoor moet julle versigtig wees?
Julle verteenwoordig Christus by die gevangenis-owerhede en gevangenes (Christene sowel as nie-Christene). Moenie moedeloos of kwaad raak as jy in rompslomp vasval, skedules nie uitwerk nie; beloftes nie nagekom word nie en jy ure lank voor geslote deure moet staan (of daar agter!). Asseblief, kom al jou beloftes na. Bereken die koste voordat jy begin – die prys is hoog, maar die beloning groot!

Watter opleiding verskaf julle vir mense wat belangstel in 'n 24 uur gebedswag in 'n gevangenis?
Die *24/7 Prayer and Care Lifestyle Course* (let op besonderhede van die modules in 'n volgende artikel), word eenmaal 'n jaar in Pretoria aangebied (hierdie jaar 13-14 Augustus 2009), of in plaaslike streke of by spesifieke gevangenisse waar daar genoegsame belangstelling uit die gevangenis of van die gevangenisgroep se geestelike werkers is. Jy kan 'n rol speel in die organisering van sulke opleiding. (Kontak Elize by *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* se Pretoria kantoor of Willem Joubert of Michelle Coetzee by die Witwatersrand kantoor).

Sien julle enige vrug op julle gebede?
Daar is geweldige groei in die aantal gebedswagte in die gevangenisse! Die geestelike atmosfeer in die gevangenisse waar die meeste gebedswagte opereer, naamlik Medium B en C, het verander. Gevangenes sowel as bewaarders, getuig hiervan. Bewaarders het ook nou gevra om in gebed opgelei te word omdat hulle gesien het hoe gevangenes se lewens verander.

Hier volg Mohammed (nie sy regte naam nie) van Medium B gevangenis se storie:
"Mohammed is gevonnis vir aggressiewe gewapende roof. Hy het een van die eerste klasse van die *24/7 Prayer and Care Lifestyle Course* bygewoon. "Dit het my lewe verander. Ek het geleer om te bid en met God te praat. Ek het besef hoe belangrik 24/7 gebed is. 'n Nuwe lewe het binne-in die gevangenis vir my oopgegaan! Ek het begin om deurentyd vir almal rondom my te bid volgens die beginsels van die *Lukas 10 Transformasie!"* Hy het ook 'n 24/7 gebedswag begin wat 24 uur per dag elke dag opereer! Mohammed het onmiddellik aangebied om 'n aanbieder van die kursus te word en nadat hy die opleiding vir kursusaanbieders ontvang het, het hy 69 ander gevangenes opgelei en minstens 30 van hulle gemotiveer om 24/7 gebedswagte in hulle afdelings te begin!"

Kontakbesonderhede: Elize, tel.: 012 365 3213 of e-pos: office@global24-7.org of Willem Joubert, tel.: 011 824 1985 of e-pos: wjoubert@icon.co.za

---

Maandag 6 Julie 2009
Gebedsfokus op redding: Bedelaars
Die bedelaars op ons straathoeke is 'n groot uitdaging. Baie van hulle maak 'n beter bestaan uit bedelary as wat hulle sou as hulle gewerk het. Baie is regtig behoeftig. Bid en vra die Here elke keer as jy 'n bedelaar sien, wat jou te doen staan. Gee iets anders as geld, bv. blikkieskos of mieliemeel wat jy in die motor hou. Bid vir hulle verlossing elke keer as jy hulle raakloop. Bid dat hulle vaste werk sal soek, kry en behou.

Gebedsfokus op kinders: Demokratiese Republiek van die Kongo
Bid asseblief vir die kinders van die oostelike Kongo wat deur gevegte geraak word. Meer as 200 000 mense is reeds ontwortel. Bid vir die kinders en mense wat deur die land swerf op soek na beskutting, kos, water en mediese sorg. Bid vir hulle veiligheid en voorsiening in hulle daaglikse behoeftes. Volgens skatting is 60 000 kinders tydens die onlangse gevegte ontwortel. Bid vir dié van hulle wat van hulle gesinne geskei is en self moet regkom. Bid vir Christene en noodlenigingswerkers, wat ten spyte van groot risiko, kinders in hierdie onstabiele gebied help. Bid vir die geskatte 40 000 meisies en vroue wat seksuele en geslagsgebaseerde geweld in die Kongo oorleef het. Bid vir die totstandkoming van 'n vreedsame oplossing tussen die rebellegroepe en die Kongolese regering. (Webruimte: http://www.facesofchildren.net/ of e-pos: info@facesofchildren.net).

Dinsdag 7 Julie 2009
Gebedsfokus op geregtigheid: Wette oor alkoholgebruik
Spesifieke beperkings op die hoeveelheid alkohol wat aan individue verkoop mag word, 'n verbod op die drink van alkohol in motors, streng optrede teen besoekers aan onwettige sjebiens en boetes van R50 000 tot R1 miljoen vir kleinhandelaars wat die wette oortree, is enkele aspekte van die Wes-Kaapse Drankwet wat vinnig deurgevoer is en op 1 Januarie 2009 in werking getree het. Nie slegs die eienaars van onwettige sjebiens nie, maar ook die verskaffers en gereelde besoekers staar streng nuwe maatreëls in die gesig, namate die Wes-Kaapse regering poog om alkoholmisbruik en onwettige drankhandel uit te skakel. (Webruimte: http://allafrica.com/stories/200812180674.html).

Elke keer wanneer ons bid vir reg en geregtigheid en wette van dié aard wat dan ingestel en geïmplementeer word, is dit 'n direkte antwoord op ons gebede. Loof die Here, wat selfs in die harte van ongelowiges werk, en hou aan bid vir die suksesvolle toepassing van hierdie wette en meer soortgelyke deurbrake.

Gebedsfokus op gevangenisse: Dwelmverslawing

Enige gevangenisgemeenskap kan as 'n hoë risiko-groep ten opsigte van dwelmgebruik beskou word. Groot getalle gevangenes gebruik dwelms, en 'n groot persentasie vrouegevangenes is gevonnis vir dwelm-oortredings (die meerderheid vir die besit van dwelms). Dit is 'n bewys dat dwelms 'n beduidende en toenemende probleem in die lewens van vroulike misdadigers is. (Webruimte: http://www.europarl.europa.eu/sides/getDoc.do?pubRef=-//EP//TEXT+REPORT+A6-2008-0033+0+DOC+XML+V0//EN). Daar gebeur aangrypende dinge in die wêreld se gevangenisse omdat baie gevangenes hulle tot Christus wend. Party lande het gevangenisse waar pasbekeerde Christene saam aangehou word in selle of op 'n spesifieke vloer of vleuel. Bid asseblief dat hierdie tendens sal uitbrei en dat baie meer gevangenes hulle tot Christus sal wend en hulle lewenstyl sal verander.

Woensdag 8 Julie 2009

Gebedsfokus op MIV/VIGS: Nasionale VIGS-hulplyn

Die *Nasionale VIGS-hulplyn* verskaf 'n vertroulike, anonieme 24 uur tolvrye telefoniese beradings-, inligtings- en verwysingsdiens vir mense wat MIV/VIGS het en ook die wat daardeur geraak word. Die diens word deur leke-beraders beman en hanteer gemiddeld 3 000 oproepe per dag. Dit word beskou as 'n baanbreker telefoniese beradingsdiens binne die gebied van die *Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap* (*SAOG*). (*Nasionale VIGS-hulplyn:* 0800 012 322. Webruimte: http://www.aidshelpline.org.za/default.aspx?link=site_home). Dank die Here vir gebede wat op dié manier verhoor is. Bid asseblief vir die beraders, dat hulle Christus as die antwoord op die inbellers se probleme sal kan bied.

Gebedsfokus op die wêreldekonomie: *G8 Spitsberaad 2009*, Italië

Italië is die gasheer van die 35ste *G8 Spitsberaad* op die Sardiniese eiland La Maddalena van 8 tot 10 Julie 2009. Hulle neem hierdie verantwoordelikheid oor in 'n kritieke jaar waartydens regerings wêreldwyd met nuwe uitdagings sit wat deur die wêreldwye ekonomiese krisis en die gevolge daarvan ten opsigte van toekomsverwagtings veroorsaak is. (Webruimte: http://www.g8italia2009.it/G8/Home/News/G8-G8_Layout_locale-1199882116809_1199885834833.htm). Bid asseblief vir die afgevaardigdes, dat hulle sal besef dat die situasie groter is as hulleself. Bid dat baie verteenwoordigers op hierdie tydstip sal begin om die enigste ware en lewende Here te soek as die antwoord op hierdie probleme, veral probleme van so 'n globale omvang.

Donderdag 9 Julie 2009

Gebedsfokus op gevangenisse: Verkragting as strafmiddel

Bendes in Suid-Afrikaanse gevangenisse gebruik MIV-infeksie as strafmiddel. Bendelede word beveel om 'ongehoorsame' medegevangenes te verkrag. Dit is moeilik om vas te stel of VIGS tans die hoof-oorsaak van sterftes in Suid-Afrikaanse gevangenisse is, omdat in baie gevalle van gevangenes wat waarskynlik weens VIGS sterf, die oorsaak van dood as natuurlike oorsake en nie as VIGS nie aangeteken word. (Webruimte: http://www.aegis.com/news/ads/2002/AD022284.html). Bly asseblief bid dat die Here die lewens van gevangenes sal aanraak en verander. Bid dat diegene wat VIGS opgedoen het, Christus sal vind midde-in die traumatiese gebeure wat hulle beleef.

Gebedsfokus op die wêreldekonomie: *G8 Spitsberaad 2009*, Italië

Bid steeds vir vandag se voortsetting van die *G8 Spitsberaad* in Italië. Benewens ekonomiese aangeleenthede, is die *G8* vanjaar verbind tot die bespreking van verskeie ander sake, insluitend energie, sekuriteit en spesifiek ook klimaat. (Webruimte: http://www.g8italia2009.it/G8/Home/News/G8-G8_Layout_locale-1199882116809_1199885834833.htm). Bid dat God se Gees van waarheid en openbaring die afgevaardigdes sal vervul sodat hulle kan terugkeer na rentmeesterskap van hulpbronne soos God dit bedoel het. Bid dat dienooreenkomstige wette ingestel sal word. Bid steeds vir elke persoon se redding.

Vrydag 10 Julie 2009

Gebedsfokus op die Woord: *Precept Ministries SA*

Precept Ministries is 'n bediening wat deur die Here tot stand gebring is om mense toe te rus vir die bestudering van die Woord. *Precept Ministries SA* wil geleenthede aan Afrikalande met probleme bied om die Bybel te bestudeer en oplossings vir hulle probleme uit die Bybel af te lei. Bid asseblief deurlopend dat hierdie missie prakties verwesenlik sal word. (*Precept Ministries SA,* Posbus 539, Howard Place, 7450. Tel./faks: 021 531 1836. E-pos: info@precept.org.za).

Gebedsfokus op die wêreldekonomie: *G8 Spitsberaad 2009*, Italië

Vandag is die laaste dag van die *G8 Spitsberaad* in Italië. Die agenda wat deur die Italiaanse regering hanteer word, verleen prominensie aan dialoog met Afrika-lande met die oog daarop om aandag te skenk aan die menigvuldige probleme wat steeds op baie plekke op die vasteland ervaar word, soos die veiligheid van voedsel, toegang tot drinkwater en ontoereikende gesondheidsdienste en onderwysstelsels. (Webruimte: http://www.g8italia2009.it/G8/Home/News/G8-G8_Layout_locale-1199882116809_1199885834833.htm). Bid asseblief dat hierdie probleme nie op die agtergrond geskuif sal word nie, maar ook die aandag, optrede en implementering sal ontvang wat so dringend nodig is. Onthou om die Naam van Jesus Christus aan te roep oor elke afgevaardigde wat die beraad bywoon sodat hulle die geleentheid sal kry om Hom te leer ken.

Saterdag 11 Julie 2009

Gebedsfokus op onderwys: Entrepreneurskool kom na Soweto

Skoolverlaters wat voorheen die toekoms moes ingaan sonder enige vooruitsig op verdere studie of indiensneming, het nou die geleentheid om voordeel te trek uit 'n skool vir entrepreneurs wat deel vorm van die *Centre for Small Business Development (CSBD)*, wat onlangs geloods is. Die akademie fokus daarop om beide besigheids- en lewensvaardighede onder jongmense tussen die ouderdom van 18 en 27 te ontwikkel, veral diegene vanuit 'n agtergeblewe agtergrond. (Webruimte: http://news.nabou.com/cgi-bin/newsframe/437892yks4328903Dnabou2Blnews421789994asgw3798etys6787/18A8047A97056E4D9B2CDA039BFF5E58backheadline3DHow2Bdo2Bl2Bcut2Ba2Boout3Fnews26o3D0/FrameIt.cgi?Url=http://c.moreover.com/click/here.pl?r1772168676). Loof die Here vir hierdie praktiese antwoorde op gebede vir die opheffing van jongmense. Bid asseblief dat diegene wat in hierdie voorreg kan deel, goeie rentmeesters sal wees van die geleenthede wat hulle kry.

Gebedsfokus op Bybelvertaling: *Laaste tale-inisiatief*

Bid asseblief vir *Wycliffe International Africa Area* en hulle ander vennote, wat 'n gesamentlike taakspan op die been gebring het met die doel om die ontwikkeling van die *Laaste Tale-inisiatief* (oorblywende tale sonder Skrifvertalings) dwarsoor Afrika te bevorder. Bid dat die Here aan hulle baie wysheid, eensgesindheid, oordeelkundigheid en vreugde sal gee en dat goeie vordering gemaak sal word. (Wycliffe Prayer Focus Bulletin, e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Gebedsfokus op Indië: Dag van gebed vir herlewing in Indië *(DVGI)*

Die *DVGI* val op die tweede Saterdag in Julie, wat as die geskikste dag vir 'n groot groep mense beskou word. Die eerste *DVGI* was in 2002. (Webruimte: http://www.dprindia.org). Kyk of jy enige inligting kan inwin oor aktuele sake in Indië waaroor daar gebid kan word. Oorweeg dit om toestemming te verkry om gedurende môre se kerkdiens tyd af te staan om vir Indië te bid. Bid vir geopende deure vir die evangelie, veral in afgeleë gebiede en onder mense wat nooit die geleentheid gekry het om die evangelie te hoor nie.

Sondag 12 Julie 2009

Memoriseer

Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here (**Rom.6:23**).

Skep jou persoonlike gebedshuis: Fokus op oorgawe

Laat U wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel

Om oor te gee beteken om eienaarskap prys te gee en beheer af te staan oor dit wat ons as óns s'n beskou; óns eiendom, tyd en regte. Oorgawe aan God beteken dat ons aan Hom behoort. In hierdie "vertrek" van oorgawe moet ons stil word en dink aan die betekenis van "Sy wil". Christene praat maklik oor dit wat hulle glo "die wil van God" is, en dit sluit dikwels ons eie gerief in. Om na God se wil te vra, beteken gewilligheid om reggehelp te word wanneer ons denkpatroon verkeerd is. Om op die Here te wag, verg al ons aandag. Ons kan nie wegsweef in dagdromery en dan sê dis "tyd wat met God deurgebring" is nie. Dit verg konsentrasie om daarop te fokus om God lief te hê met ons hele hart, siel en verstand (**Matt.22:37**).

Stel jouself in op God se perspektief: Laat ons eerlik wees: Om volhardend tyd met God deur te bring is die grootste uitdaging waarvoor die meeste Christene te staan kom. Dus, laat ons nie jammer voel vir onsself nie. Laat ons, saam met ander Gelowiges, onsself daarop instel om enduit die wedloop te hardloop wat voor ons lê, om vorentoe te beur saam met God in die geestelike reis wat ons in ons fisiese liggaam uitleef. Dit is "Sy wil"; derhalwe moet dit ons behae wees. Sê dit vir die Vader en vra Hom om vir jou die ware oorgawe te wys wat Hom sal behaag.

Gebedsfokus op gevangenisse: Jongmense in die gevangenis

Ongeveer 74,8% van die jongmense wat in 2004 uit gevangenisse ontslaan is, is binne twee jaar na vrylating weer gevonnis. Bykans die helfte van (42%) van eerste oortreders is jong volwassenes. Geestesgesondheidsprobleme, dwelm- en alkoholmisbruik is algemeen onder jongmense (16-18 jaar) in gevangenisse. Dit is baie meer waarskynlik dat hulle as volwassenes aan geestesprobleme sal ly en dit is ook waarskynliker dat hulle selfmoord sal pleeg as diegene in ander ouderdomsgroepe in gevangenisse. Daar word bereken dat 25% van jong manlike gevangenes en 40% van jong vroulike gevangenes ook kinders het. (Webruimte: http://www.prisonreformtrust.org.uk/subsection.asp?id=276). Laat ons tot die Here roep vir die moeilike posisie van die jongmense in gevangenisse. Bid dat hulle Christus sal vind as 'n tweede kans en hulle lewens op Hom sal bou.

Lukas 10 Transformasie opleiding in SA gevangenisse

Die gebedsverhaal (oor die *Sun City Gevangenis* net na 5 Julie, 2009), vertel die verhaal van die ontwikkeling van 24/7 gebedswagte in *Johannesburg Gevangenis* (*Sun City*). 'n Gedeelte van die toerusting vir gevangenes wat wil begin bid, vra ook van hulle om 'n leefstyl wat God se liefde en omgee vir ander openbaar, aan te kweek. Dit word gedoen deur die *Lukas 10 Transformasie* of *L-10-T kursus. L-10-T* leer gevangenes oor 'n leefstyl van gebed en omgee vir ander rondom hulle (gevangenes en bewaarders), asook hulle gesinne, die stad en die land.

Wat is *L-10-T*?

L-10-T is gebaseer op die vier opdragte van Jesus aan die twee en sewentig dissipels in **Lukas 10**, geskryf in moderne idioom vir gewone Christene EN vir gevangenes. Daarom **doen** ons die *Groot Opdrag* en **GEHOORSAAM** Jesus se gebooie, bv. die twee *Groot Gebooie* en die gebod om Jesus te volg. Die duur van die volledige opleidingskursus is 12 uur, gewoonlik oor 6 sessies wat uit vier stappe bestaan:

Stap 1: Jy bid God se seën en vrede daagliks oor elke plek waarheen jy gaan en oor al die mense wat jy ontmoet. Gevangenes fokus op die verlorenes rondom hulle in hulle selle, in die gevangenis en in hulle gesinne. Dit is wonderlik om te sien hoe vroeëre selfgesentreerde mense begin om die *Tweede Groot Gebod* te gehoorsaam!

Stap 2: Jy bou verhoudings met almal wat Jesus nodig het (van alle gelowe of geen geloof nie) oral waar jy beweeg (sonder om jou geloof te verloën) – preek Christus maar SONDER WOORDE! (Wat 'n uitdaging vir hulle in die gevangenisomgewing. Maar, ja, hulle het baie verlorenes rondom hulle, so nou kan hulle teen die stroom beweeg en begin om diegene te bevriend wat vyandig is teenoor hulle! Enigiets om 'n siel vir Christus te wen!)

Stap 3: Jy identifiseer die behoeftes van mense rondom jou deur te luister of vrae te vra en dan help jy fisies of emosioneel waar moontlik; EN/OF jy bid vir hulle behoeftes (in stilte of hardop vir die persoon). (Mede-gevangenes rondom bidders van gebedswagte in gevangenisse het baie behoeftes. Hierdie bidders het nie veel om fisies te gee nie,

maar hulle kan ander bemoedig en met God se Helpende Hand uitreik! Dit maak deure na so baie harte oop, en ook gedurende besoekure na die harte van hulle geliefdes - wat dikwels behoeftig is!)
Stap 4: Verkondig die evangelie deur te praat as jy die gawe van evangelisasie het, of deur enige vraag oor jou geloof te beantwoord mits jy een van die 96% Christene is wat normaalweg nie vrylik oor Christus kan praat nie. Bid ook die *Vat Vyf* evangelie-gebed vir minstens vyf ongeredde persone wat Christus nodig het. (*Vat Vyf* leer mens hoe om vir vyf ongeredde persone te bid waarvan die gevangene weet – binne of buite die gevangenis! Op die oomblik bid die 441 gevangenes vir minstens 2 200 siele en ons weet dat Hy getrou is en daardie gebede sal verhoor!) Die *Vat Vyf* pamflet is op die *Jerigo Mure* webruimte beskikbaar by: http://www.jwipn.com/pdf/Take%20Five%20-%20Afrikaans%202007-10-26.pdf

Wat is die uitwerking van *L-10-T*?
L-10-T daag gevangenes uit tot 'n radikale nuwe leefstyl in Christus! Dit leer Christene 'n leefstyl van Jesus Christus se praktiese liefde tussen vriende en selfs teenoor vreemdelinge. *L-10 -T* help volgelinge van Christus om volwasse te word in die uitvoer van die *Groot Opdrag* (**Matt.28:19**) en van die twee *Groot Gebooie* – eerstens deur die bou van hulle persoonlike verhouding met die Here deur daaglikse doelgerigte gebed en tweedens deur die uitleef van hierdie opdrag in die gemeenskap met ander gevangenes. Ook deur uit te reik na bewaarders, hulle gesinne en waar moontlik na die mense wat deur hulle seergemaak is, as deel van die '*restorative justice*' program.

Johannes se verhaal (nie sy regte naam nie):
Johannes is 'n veroordeelde moordenaar. Hy het een van die eerste klasse van die *24/7 Prayer and Care Lifestyle Course* bygewoon. "Ek kon nie glo dat ek regtig met God kan praat nie; en nie net oor myself nie, maar ook oor ander! Die opleiding het my gehelp om 24/7 gebed ernstig op te neem en om ander rondom my in die gevangenis te help. Ek kon dit nie glo toe selfs bewaarders begin om vir my gebedsversoeke te bring en my te vra om vir hulle te bid nie. Die Here is so goed. Hy hoor ons gebede!" John het 'n 24/7 gebedswag begin wat daagliks 20 ure bid! John het ook aangebied om een van die aanbieders vir die kursus te word, het die opleiding ontvang en sedertdien 12 ander opgelei.

Die nuus versprei. Bewaarders vra nou dat gevangenes vir hulle bid! Daar is dus twee 24/7 prosesse aan die werk – die gestruktureerde deel deur beheerde 24/7 gebedskoördinering en ook die ongestruktureerde minuut vir minuut praktiese uitleef van dit wat Jesus sou gedoen het, solank as wat hulle in die gevangenis moet bly! Dit is baie belangrik dat gevangenes 'n nuwe leefstyl leer waarmee hulle kan volhou wanneer hulle die gevangenis verlaat as herstelde landsburgers en toegewyde soldate vir Christus!

Dit is waarom ons nou sê: **Die Seun van God skyn 24/7 in *Sun City*!**

Kontak asseblief vir Willem Joubert oor *L-10-T* opleiding vir jouself, jou gebedsgroep, gemeente, skool, universiteit, besigheid of gevangenis. Daar is verskeie *L-10-T* bronne beskikbaar. Bestel die *L-10-T* DVD met Inligting saam met die opleidingshandleiding en/of die vier DVD's met opleiding plus die opleidingshandleiding (en/of addisionele opleidingshandleidings). Kontak ons by: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* in Pretoria. Besoek ook www.jwipn.com of kontak Willem Joubert (Sel: 082 650 5684 of e-pos: wjoubert@icon.co.za) of Lenthia (Tel.: 011 824 1985 of e-pos: lenthia@jwipn.com).

Maandag 13 Julie 2009
Gebedsfokus op redding: Rekenaarprogrammeerders
Rekenaarprogrammeerders werk die meeste van die tyd aan nuwe idees of probeer om 'n nuwe idee met betrekking tot rekenaarprogrammering te implementeer. Gevolglik bestee hulle minder tyd daaraan om met ander mense te sosialiseer. Dra asseblief rekenaarprogrammeerders aan die Here op, bid dat hulle geleenthede sal kry om die evangelie te hoor en dat hulle oop en ontvanklik daarvoor sal wees. Bid dat die Here hulle daar waar hulle werk, met Sy liefde en ontferming sal omvou.

Gebedsfokus op gevangenisse: Kinders wie se ouers in die gevangenis is
Etlike ondersoeke het getoon dat ons versigtig moet wees om gevolgtrekkings te maak wanneer kinders van hulle ouers wat gevangenisstraf uitdien, geskei word. Die mate waarin kinders geaffekteer word wanneer hulle ouers in die gevangenis is, hang af van 'n verskeidenheid faktore: Die ouderdom van die kind wanneer die ouer weggevat word, hoe lank die skeiding duur, hoe goed die kind die nuwe voog ken, en die mate van stigma wat in die kind se gemeenskap aan gevangenisstraf kleef. Die feit is egter dat hierdie kinders ontsettend ly. (Webruimte: http://www.europarl.europa.eu/sides/getDoc.do?pubRef=-//EP//TEXT+REPORT+A6-2008-0033+0+DOC+XML+V0//EN).
Bid vir kinders wie se pa of ma in die gevangenis is, dat hulle die verlies, skande en eensaamheid sal kan hanteer. Bid dat hulle goed deur hulle familie versorg sal word. Bid vir die omstandighede van gevangenes in Suid-Afrikaanse gevangenisse. Bid tot God vir oplossings vir dié probleme.

Dinsdag 14 Julie 2009
Gebedsfokus op basiese inkomste: Getalle is besig om te verander
Daar is ongeveer 12,6 miljoen huishoudings in Suid-Afrika. Gauteng het 2,9 miljoen huishoudings, KwaZulu-Natal 2,4 miljoen en die Oos-Kaap 1,7 miljoen. Ander provinsies met 'n miljoen of meer is Limpopo, die Wes-Kaap en Noordwes (Arbeidsmagopname in 2004). Ongeveer 38% van huishoudings het nie 'n spoeltoilet of hoegenaamd enige toiletgeriewe nie; 14% het geen elektrisiteit nie en net 49% van die huishoudings het kraanwater in hulle huise. (Webruimte: http://www.markettree.co.za/). Dank die Here vir elke huishouding wat in die afgelope dekade in hierdie opsigte opgegradeer is. Laat ons aanhou bid dat kontrakteurs sal kan voortgaan om hierdie noodsaaklike geriewe by huishoudings te installeer. Bid ook dat korrupsie nie hierdie projekte sal kortwiek nie.

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Hutterisch Bybel: Kanada
Ongeveer 30 000 mense in Kanada praat Hutterisch en hulle woon in kolonies van sowat 90 mense elk. Die Bybel word tans in hierdie taal vertaal. Die eerste volume Bybelstories is reeds baie gewild. Die finale spelredigering van die oorblywende 24 Bybelstories, wat in vier volumes van ses stories gepubliseer word, is reeds afgehandel. Al vier Evangelies se konsepte is reeds geskryf en 'n oudio-weergawe word ook beplan. Bid vir diegene wat die Nuwe Testament vertaal. Die meeste sprekers van Hutterisch het slegs 'n beperkte kennis van Engels. Ons loof die Here vir hierdie baanbrekerswerk! (Wycliffe Prayer Focus Bulletin, e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Woensdag 15 Julie 2009
Gebedsfokus op evangelisasie: *Every Home for Christ, South Africa (EHCSA)*
EHCSA het hande gevat met 'n leesstofbediening, *Revival Movement Association (RMA)*, in Noord-Ierland. Hulle sal twee miljoen eksemplare van die boekie "*The Gospel of John/Seven Steps to Knowing God*" van *RMA* oor die volgende twee jaar ontvang. Die boekies is in Xhosa, Zoeloe, Tswana, Sesotho, Noord-Sotho en Afrikaans geskryf. *EHCSA* het alreeds 'n 18 ton-houervrag van die Evangelie van Johannes in Engels wat gereed is vir versending. Bid asseblief vir die veilige aankoms van die ander houers met die leesstof in die verskillende tale en ook vir die doeltreffende toewysing en verspreiding van die boekies. (*EHCSA*, Posbus 7256, Centurion 0046. Tel.: 012 663 4587, webruimte: www.ehcsa.co.za of e-pos: info@ehcsa.co.za).

Gebedsfokus op gevangenisse: Kinders se besoeke aan gesinslede in die gevangenis
Die behoud van gesinsbande speel 'n belangrike rol in die voorkoming van heroortredings en die sosiale herintegrasie van gevangenes. Besoekvoorwaardes en -omstandighede kan probleme skep vir gesinsverhoudings. Gereelde besoeke is noodsaaklik om kontak met die kinders en ander gesinslede te behou. (Webruimte: http://www.europarl.europa.eu/sides/getDoc.do?pubRef=-//EP//TEXT+REPORT+A6-2008-0033+0+DOC+XML+V0//EN).
Bid dat gevangenes in staat sal wees om goeie gesinsverhoudings op te bou en te herstel terwyl hulle in die gevangenis is, sodat hulle nie in die ou patrone sal terugval wanneer hulle ontslaan word nie. Bid dat gesinne wat 'n familielid in die gevangenis het, die situasie sal kan hanteer en die gevangene sal kan besoek.

Donderdag 16 Julie 2009

Suid-Afrika: Bybels vir Gevangenes

Daar is 252 gevangenisse met 'n totaal van 200 000 gevangenes in Suid-Afrika. Elke maand produseer en versprei *Challenge Literature* 60 000 evangeliese nuustydskrifte in gevangenisse. Alle nuwe bekeerlinge in die gevangenisse word in 'n dissipelskapkursus opgeneem wat bestaan uit die deurwerk van vier boekies en word saam met 'n volledige Bybel verskaf. Om te verseker dat elke gevangene dit ernstig opneem, word die Bybel nie uitgedeel voordat die eerste dissipelskapboekie nie deurgewerk en ingehandig is om nagesien te word nie. 'n Bybel word dan aan die gevangene gepos saam met deel twee van die dissipelskapkursus. (Webruimte: http://www.biblesocietynsw.com.au/Donate/restOfWorld_SouthAfricaPrisonBibles). Loof die Here vir hierdie inisiatiewe. Bid dat meer persoonlike kontak en opvolgwerk in die gevangenisse ook moontlik sal word. Bid vir oortuiging van sonde in die harte van die gevangenes, sodat hulle insig sal verkry en Christus sal aanneem as die fondament op Wie hulle hulle lewe kan bou.

Gebedsfokus op evangelisasie: *SAT-7 PARS Ministry*

Baie kinders wat in Iran woon, het geen of min toegang tot die Woord van God, maar die meeste van hulle kyk satelliet-TV en *SAT-7 PARS* kinderprogramme. *SAT-7 PARS* wil hulle gehoor van jong kykers uitbou (wat alreeds op die kanaal na strokiesprente, drama en interaktiewe geselsprogramme kyk) deur hulle te help om uit die Bybel te leer. Bid dat hierdie program op *SAT-7 PARS* hoop aan duisende jongmense sal bring en dat baie van die tieners gewillig en in staat sal wees om hulle persoonlike geloofstories in die program met ander te deel. (Webruimte: http://www.sat7.org/sat7_pars).

Vrydag 17 Julie 2009

Gebedsfokus op gebedsmobilisering: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Bid asseblief vandag vir die verskillende projekte van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* regoor die land. Bid dat meer individue en groepe by die gebedstaakmag sal aansluit en inteken op die gedrukte boekie en die weeklikse *Global Prayer Alert* om op hoogte te bly met nuus en gebeure in verband met gebed. Bid vir gebedskoördineerders oral in die land vir hernude ywer en toewyding en om ander aan te spoor om in hulle eie dorpe/stede by gebedsgroepe betrokke te raak. Bid asseblief vir meer intekenaars uit ander lande, veral deur die Internet. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Gebedsfokus op gevangenisse: Onderwys, opleiding en indiensneming

Statistiek oor vrouegevangenes weerspieël 'n algemene lae opvoedingspeil en 'n gebrek aan professionele vaardighede. In die Verenigde Koninkryk het 47% geen opvoedkundige kwalifikasies nie. Indien die tyd wat in die gevangenis deurgebring word, gebruik sou word om gevangenes te help om 'n meer stabiele lewe na hulle ontslag te bewerkstellig, behoort onderwys 'n belangrike instrument in die bereiking van hierdie doel te wees. (Webruimte: http://www.europarl.europa.eu/sides/getDoc.do?pubRef=-//EP//TEXT+REPORT+A6-2008-0033+0+DOC+XML+V0//EN). Bid dat die gevangenisowerhede voorsiening sal maak vir gehalte-beroepsopleiding wat aangepas is by die behoeftes van die arbeidsmark en die medewerking van die gevangenisse met besighede van buite vir die indiensneming van gevangenes. Bid vir 'n gewilligheid onder die gevangenes om aan 'n beter toekoms vir hulleself en hulle gesinne te werk.

Saterdag 18 Julie 2009

Gebedsfokus op moeders: Armes en behoeftiges

'n Derde van moeders in Suid-Afrika onder die ouderdom van vyftig het een kind. Ongeveer 20% het vier of meer kinders. Drie miljoen moeders (ongeveer 'n derde) is nie ekonomies aktief nie, terwyl 2,6 miljoen nie werk het nie. (Webruimte: http://www.markettree.co.za/). Dra die benarde posisie van die moeders in Suid-Afrika in gebed aan die Here op. Bid dat hulle in staat sal wees om fisies, emosioneel en intellektueel na hulle kinders om te sien. Bid dat hulle 'n oop deur sal kry om 'n inkomste te kan verdien, veilige dagsorg vir hulle kinders te kan kry en 'n stabiele en veilige huis kan hê waar hulle hulle kinders kan grootmaak. Bid ook dat onbetrokke vaders betrokke sal raak en sal help om hulle kinders groot te maak.

Gebedsfokus op die reg: God se hart oor armoede en onreg
Die *Poverty and Justice Bible*, die jongste publikasie van die *Bybelgenootskap* in die Verenigde Koninkryk, het baanbrekerswerk gedoen as die eerste Bybel ooit wat die meer as 2 000 gedeeltes uitlig waarin die Here Sy hartseer oor armoede en onreg te kenne gee en Sy opdrag aan Gelowiges om dit uit te roei. Die nuwe uitgawe weerlê die opvatting dat die Bybel 'n stowwerige, outydse reëlboek is en wys dat dit God was wat Hom eerste – deur die Bybel – teen armoede uitgespreek het. (Webruimte: http://www.christianpost.com/article/20080302/31390_New_Bible_Reveals_God%27s_Heart_Towards_Poverty%2C_Injustice.htm). Dank die Here vir verskillende inisiatiewe soos hierdie wat mense aanmoedig om hulle lewens te verander in ooreenstemming met Sy beginsels. Bid dat verandering daadwerklik en permanent sal wees vir diegene wat hulle lewens aan Christus gee. Bid vir die Here se voorsiening vir soortgelyke projekte van die *Bybelgenootskap.*

Sondag 19 Julie 2009

Memoriseer
Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word (**Joh.1:12**).

Skep jou persoonlike gebedshuis: Fokus op voorsiening
Gee ons vandag ons daaglikse brood
Hierdie "vertrek" in God se gebedshuis deur die "Ons Vader"-gebed herinner ons daaraan dat Hy daartoe verbind is om in ons daaglikse behoeftes te voorsien namate ons eers sy koninkryk soek. Maar dit sê nie "brood vir die res van ons lewe" nie. Dit sê "daaglikse brood". Dit is 'n moeilike begrip, want dit beteken ons moet Hom môre weer vertrou en ook weer die dag daarna. Ons is nooit "oukei" op ons eie nie. God is "magtig om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink" (**Ef.3:20**), nie noodwendig in hoeveelhede nie, maar in verskeidenheid en kompleksiteit van wat ons nodig het, selfs dinge wat ons nie noodwendig as "voorsiening" beskou nie. Verder voorsien Hy "meer as genoeg" (**3 Joh.1:2**) sodat ons oorvloed kan hê, maar ook sal kan gee. 'n Oorskot is nie noodwendig vir ons bedoel nie. Dit is om te hê om te kan gee. As jy daaraan dink dat alles aan God behoort, is ons maar net die bestuurders van dit wat ons ontvang. Saam met ontvang (seën), kom verantwoordelikheid.

Stel jouself in op God se perspektief: Hierdie is die moeilikste "vertrek" in die huis van gebed. Eerstens omdat baie nie regtig glo dat God vir hulle as individue sal voorsien soos Hy vir ander doen nie. Verder, omdat ons dikwels meer as ons daaglikse brood wil hê sodat ons kan ontspan, verdoesel ons dit dikwels met: *Ek wil dit hê sodat ek ander daarmee kan seën* of *dit is vir Die Koninkryk*. Is jy getrou met R10 of R100? Gee jy jou tiendes en gebruik jy klein bedrae geld met oorleg? Die egtheid van jou en my rentmeesterskap word presies hier getoets. God sien wat geen mens kan sien nie. Wat jy met R100 000 gaan doen, gaan net 'n uitbreiding wees van wat dit in jou hart is oor R100. Vra dat die Heilige Gees jou sal help met oorgawe in hierdie "vertrek" van die huis van gebed. Om Sy leiding te vra en gewillig jou hart oor te gee is een van die verstandigste dinge wat jy kan doen.

Gebedsfokus op padveiligheid: *Highway Ministry* Gebedspatrollie
Highway Ministry is 'n interkerklike bediening gerig op die vragmotor- en taxibedryf, sowel as op alle padgebruikers. Dit is 'n niewinsgewende organisasie met 'n missie om die Woord aan alle padgebruikers te verkondig en die liefde van Christus in hulle harte te laat wortel skiet. Bid dat hierdie inisiatief goed gevestig sal raak en ook goed ondersteun sal word. Bid dat dit 'n middel sal word wat sal meehelp om ware transformasie in die harte en gedagtes van Suid-Afrikaanse padgebruikers te bewerkstellig. Bid vir die guns van ander rolspelers waar die organisasie probeer om met bestaande programme te skakel en hulle te versterk, soos bv. *Arrive Alive.* (*Highway Ministry*. Tel.: 016 349 1996, faks: 086 502 8441 of e-pos: highwaymin@lantic.net).

Gebedsverhaal: *24/7 Prayer and Care Lifestyle Course* in gevangenisse en hoe om vir gevangenes te bid

Die *Gebedsverhaal* (kyk na 5 Julie, 2009), vertel van die ontwikkeling van 24/7 gebedswagte in die *Johannesburg Gevangenis (Sun City*) oor die afgelope maande. Ten einde hierdie gebedswagte te vestig, het honderde gevangenes 'n kursus voltooi wat hulle lewens verander het. Teen die einde van 2008 het 441 gevangenes die kursus in *Sun City* gevangenis voltooi! Nadat ons die *24/7 Prayer and Care Lifestyle Course* ontwikkel het wat spesifiek daarop gefokus is om SA gevangenes in die *Johannesburg Gevangenis* op te lei, het ons deur God se genade die leierskap se guns verkry om die opleiding ook aan te bied op nasionale vlak dwarsdeur 2007 en 2008. Verskeie streekopleidings is in Pretoria, George, Kaapstad en spesifiek in *Attridgeville* gevangenis en *Pollsmoor* gevangenis aangebied.

Die *24/7 Prayer and Care Lifestyle Course* bestaan uit vyf modules:

Module 0: Om Christus te ken – leer die gevangenes om seker te maak dat hulle Jesus as Here en Verlosser ken.
Module 1: *Boiler-room* (gebedskamer) – gee gebedsriglyne aan gevangenes, asook hoe om 'n *boiler-room* te begin oral waar hulle kan – in hulle gebedsjoernaal, teen die muur bokant hulle bed, of in 'n hoekie van hulle sel of afdeling.
Module 2: 24/7 Gebed – leer die belangrikheid van 24/7 gebed en leer hulle om koördineerders te word van 24/7 gebedswagte.
Module 3: *30 Seconds kneeldown* – leer gevangenes om uitdagings in hulle geloof die hoof te bied.
Module 4: *Lukas 10 Transformasie (L-10-T):* - leer gevangenes 'n leefstyl van gebed en omgee vir mense rondom hulle (medegevangenes en bewaarders), gesinne, stad en land. (Meer oor *L-10-T* in die artikel oor *L-10-T* in gevangenisse).

Maandag 20 Julie 2009

Gebedsfokus op redding: Eienaars van privaat ondernemings

Dit is werklik moeilik om in die ekonomiese krisis van die afgelope paar maande 'n bestaan te voer en baie klein ondernemings was verplig om hulle deure toe te maak. Bid asseblief vir individue wat gelikwideer is en hulle ondernemings verloor het, dat hulle hulle toevlug tot die Here sal neem. Bid dat klein ondernemers hulle vertroue in die Here sal stel en dat baie hulle lewens aan Christus sal oorgee.

Gebedsfokus op gevangenisse: Sosiale inskakeling van gevangenes

Wanneer 'n gevangene uit die gevangenis ontslaan word, is daar 'n aantal kritieke probleme waarvoor hulle te staan kom, byvoorbeeld om 'n woonplek en 'n gereelde inkomste te bekom, en om die verhouding met kinders en ander afhanklike gesinslede te herstel en vir hulle te sorg. Daar moet tydens gevangenisstraf en voor ontslag voorbereiding gedoen word vir die maatskaplike herinskakeling van 'n gevangene, in samewerking met maatskaplike dienste en ander organisasies ten einde 'n gladde oorskakeling van gevangeskap na vryheid te bewerkstellig. (Webruimte: http://www.europarl.europa.eu/sides/getDoc.do?pubRef=-//EP//TEXT+REPORT+A6-2008-0033+0+DOC+XML+V0//EN).
Bid asseblief vir die sielkundige voorbereiding (verwerking van misdaad, hantering van traumas en verslawing deur toepaslike sielkundige ondersteuning en behandeling) van gevangenes. Bid vir 'n hartsverandering teenoor die lewe en 'n opregte ommekeer om Christus te volg in alles wat hulle doen voordat hulle die gevangenis verlaat. Bid vir nuwe geleenthede en vermoë om in moeilike omstandighede soos dié te kan oorleef en vir groei in die hoeveelheid kleinsake ondernemings, sodat daar geleenthede vir hulle sal wees wanneer hulle vrygelaat word.

Hoe om te bid vir die opleiding van gevangenes in SA gevangenisse

1. Bid vir werkers in *Sun City Gevangenis* om die kursus te kan aanbied vir die duisende gevangenes wat Jesus nodig het!
2. Bid vir al die bedieninge in gevangenisse oral in Suid-Afrika!
3. Bid vir die suksesvolle uitbreiding van die kursus na alle gevangenisse in Suid-Afrika!
4. Dank die Here vir dit wat Hy gedoen het en nog doen deur die *24/7 Prayer and Care Lifestyle Course*.
5. Bid dat die Here geestelike werkers sal oprig wat die kursus in gevangenisse kan aanbied. Miskien is dit JY?
6. Bid vir die geestelike werkers in die *SA Departement van Korrektiewe Dienste*. Bid dat die Here vir hulle krag en hulp sal voorsien deur vrywillige werkers!

7. Bid vir die *Korrektiewe Dienste* personeel: Vir verlossing, vir groei in Christus, vir krag om aan te hou met die goeie werk!
8. Bid vir die uitskakeling van omkopery en korrupsie in die gevangenis-sisteem – by gevangenes sowel as by bewaarders.
9. Bid vir al SA se gevangenes ("*...Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen"* – **Matt.25:31-45**). Bid dat hulle Hom sal leer ken en kragtig in Hom sal groei sodat hulle die gevangenis kan verlaat as getroue voorbidders en werkers vir Christus!
10. Bid vir die nodige hulpbronne om hierdie opleiding beskikbaar te maak in al die gevangenisse. (Die opleidingsmateriaal kos ongeveer R60 per gevangene.) Dikwels is gevangenisse buite die stede en geestelike werkers benodig gevolglik vervoergeld. Indien jy wil bydrae vir hierdie werk, kontak asseblief die *Jerigo Mure* kantore, tel.: 012 365 3213 of epos: info@jwipn.com

Bronne en Inligting
Kontak asseblief vir Elize by *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* se kantoor in Pretoria of vir Willem Joubert of Michelle Coetzee by die Witwatersrand kantoor vir inligting oor *24/7 Prayer and Care Training* kursusse of hulpbronne nasionaal.

Die volgende is 'n paar getuienisse van gevangenes wat die opleiding voltooi het:

Getuienisse uit die *Atteridgeville Gevangenis:*
"My lewe voordat ek 'n Christen was, was donker, niemand kon my help nie, nie eers die sangômas nie. Ek was gefrustreerd en het lelike dinge gedoen, ander mense benadeel. Ek het geen vrede in my lewe gehad nie. Ek was vol woede, haat en het selfmoord oorweeg. My lewe was verskriklik en ek kon nie reguit dink nie. Ek het myself gesien as 'n lelike en slegte mens wat verdien het om te sterf. Alles het verander toe ek gearresteer is en tot drie jaar gevangenisstraf gevonnis is vir aanranding. Terwyl ek in my gevangenisbed gelê het, het ek mense hoor sing en die Here hoor prys in 'n kerkbyeenkoms. Iets het vir my gesê ek moet kerk toe gaan. Ek het na die predikers geluister en gedink: Dit is die plek waar ek moes wees. 'n Vrou het met ons oor gebed gepraat en sy het vir ons van Jesus vertel en hoe Hy baie mense soos ek gered het. Ek het die kans gewaag en my hart vir die Heilige Gees oopgemaak om in te kom. Ek het gehuil en gehuil en 'n stem vir my hoor sê dat ek genees is en 'n lang en goeie lewe sal leef. Ek was so gelukkig, ek kon nie 'n diens mis nie. Ek het begin bid en my lewe het heeltemal verander omdat God my gered het. Ek is nou 'n weergebore Christen. Dit is so lekker om 'n Christen te wees. 'n Mens het glad nie meer probleme nie, al die slegte gedagtes is weg. Ek het mense lief en ek help ander. Ek bid saam met mense wat hulp en vrede nodig het. Ek is vir niks meer bang nie. Ek loop regop in die Naam van Jesus Christus. Amen." (Joseph)

"Voordat ek begin het om Christus te volg, was ek 'n slaaf van al die dinge van die wêreld soos alkohol, geld en vrouens. As gevolg hiervan het ek in groot vrees geleef. Ek het grootgeword in 'n gesin van Gelowiges, maar ek het nooit geglo nie. Toe kom daar 'n tyd van probleme - een na die ander. Op die ou end het ek in die gevangenis beland waar ek baie ongelukkig was, want geen plan kon my hieruit red nie. Ek het 'n wonderlike onderwyser ontmoet (by die 24/7 Gebedskursus) en ek is nou 'n ware Gelowige en 'n getuie vir Jesus Christus. Ek lei nou 'n biddende lewe en ek glo nie daar is iets wat my vreugde kan keer nie." (James)

Dinsdag 21 Julie 2009
Gebedsfokus op die jeug: *International Sports Leadership School (ISLS)*
Die *International Sports Leadership School (ISLS)* vind plaas van 24 Julie tot 16 Oktober in Stellenbosch. Leiers van verskillende lande wat deur middel van sport die evangelie uitdra, ontvang opleiding in Skrif-ontleding, evangelisasie, dissipelskap en sportbediening. Bid asseblief vir elke leier se intieme verhouding met die Here, span eenheid, hantering van kultuurverskille en hulle ontwikkeling as leiers in sportbediening. (*International Sports Leadership School*. Tel.: 021 886 7335, e-pos: isls@adept.co.za).
Gebedsfokus op evangelisasie: Marokko

Hoewel bekering uit Islam nie 'n kriminele oortreding in Marokko is nie, beleef nuwe Gelowiges tog sosiale uitsluiting. Sendingwerk word nie toegelaat nie, maar daar is buitelandse werkers in ander rolle wat hulle geloof met ander wil deel. Volgens *IN Network* het die Here 'n ander deur oopgemaak vir evangelisasie in Casablanca, die grootste stad in Marokko. Planne is op dreef om 'n evangeliese sentrum in 2009 te open. Bid vir die regte persoon wat die verantwoordelikheid vir die sentrum kan aanvaar. Bid ook vir guns om persoonlike verhoudings met plaaslike inwoners op te bou met die doel om vir Jesus te getuig. (Lars Widerberg, *Intercessors Network*, Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com).

Woensdag 22 Julie 2009

Gebedsfokus op leraars: Omgee vir leraars

Met betrekking tot die ontvang van pastorale sorg, het die meeste Woordbedienaars nie iemand wat oor hulle waak of wat ondersteuning, aanmoediging en versorging verleen nie. Terwyl leraars al hulle energie daaraan bestee om hulle gemeentes te versorg, bevind hulle hulle in situasies waar hulle uitgeput raak omdat hulle aanhoudend gee maar nie ontvang nie. *POPnet* is 'n netwerk van leraars wat byeenkom in 'n portuurgroep waarin hulle as herders vir mekaar optree en ondersteuning aan mekaar verskaf. Bid asseblief vir pastorale leiers waar hulle verhoudings met hulle portuur opbou en mekaar pastoraal versorg en mentor. Bid vir groepe wat onlangs tot stand gekom het – vir verhoudings, groei, diepte, deursigtigheid en aanspreeklikheid. (*TOPIC SA*, David Bulger, tel.: 011 972 6919 of e-pos: POPnet@topicsa.net).

Gebedsfokus op kinders: Weeskinders in Kampala

Die *Action for Disadvantaged People* in Kampala, Uganda, is 'n bediening wat met weeskinders en kwesbare kinders werk, deur skoolgeld te betaal en leermateriaal te verskaf en ook versorgers te ondersteun met aktiwiteite wat 'n klein inkomste verskaf. Bid asseblief vir fondse om die vinnig groeiende getalle kinders te help, en veral vir een spesifieke kind wat 'n operasie vir 'n hartprobleem moet ondergaan. (*Viva - Together for Children*. Webruimte: www.viva.org of e-pos: jgreen@viva.org).

Donderdag 23 Julie 2009

Gebedsfokus op gevangenisse: SA gevangenisbevolking van die hoogste in die wêreld

Suid-Afrika het die sewende hoogste getal gevangenes ter wêreld – méér as dié van lande met 'n bevolking wat vyf keer so groot is. *The World Prison Brief* plaas Suid-Afrika se totaal op 166 267 gevangenes. Die VSA (2,3 miljoen), Sjina (1,6 miljoen), Rusland (888 014), Brasilië (419 551), Indië (358 368) en Meksiko (217 436) beklee die eerste 6 plekke. Die bevolking van die top ses lande op die lys wissel van 104 miljoen in Meksiko tot 1,3 miljard in Sjina – met 'n totaal van 3 miljard mense. Suid-Afrika het slegs 47,8 miljoen mense. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=vn20080426082428847C562791). Laat ons aanhou roep tot God vir 'n deurbraak in SA gevangenisse hierdie maand en dat duisende hulle lewens aan die Here Jesus sal oorgee.

Gebedsfokus op kinders: Straatkinders in Peru

Bid asseblief vir diegene aan die hoof van die *Bible Institute* in Yurimaguas, Peru, wat sendelinge oplei. Bid dat hulle daarin sal slaag om aan straatkinders 'n opvoeding te verskaf en ook om Christus te leer ken. *Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie* (**Kol.3:23**). (*Viva - Together for Children*. Webruimte: www.viva.org of e-pos: jgreen@viva.org).

Vrydag 24 Julie 2009

Gebedsfokus op evangelisasie: *Church Planting Alliance*

Miljoene mense in Suid-Afrika ken nie vir Jesus Christus as hulle Verlosser nie, of het nie toegang tot 'n plaaslike gemeente nie. Die *Church Planting Alliance* bestaan as 'n netwerk om leiers op te lei en te mobiliseer om groepe en gemeentes te vestig wat dissipels maak en wat binne maklike bereik van elke persoon sal wees. Bid asseblief dat die kwartaallikse werkswinkels wat hierdie jaar in Gauteng, Limpopo, Mpumalanga, KwaZulu-Natal, Noordwes en die Wes-Kaap beplan word, kerkplanters doeltreffend sal toerus en ondersteun om 'n groot aantal gesonde kerke in al die provinsies tot stand te bring. (*Church Planting Alliance*. Tel.: 011 794 8001. Webruimte: www.cpa-sa.org of e-pos: teichert@attglobal.net).

Gebedsfokus op kinders: Mombasa, Kenia
Bid vir *CPM International Secondary School* in Mombasa, Kenia, waar hulle besig is om 'n gebouekompleks te voltooi. Daar was 'n oponthoud om geld in te samel as gevolg van die geweld wat op die verkiesing gevolg het. Geld word benodig om die dak en die vloer van vier klaskamers te voltooi en om toerusting aan te skaf. (*Viva - Together for Children*. Webruimte: www.viva.org of e-pos: jgreen@viva.org).

Saterdag 25 Julie 2009
Gebedsfokus op versoening: *Mercy Ministries SA (MMSA)*
Die visie van *MMSA* is om toe te sien dat mense met mekaar versoen word en sal lewe volgens die Bybelse waarhede in ooreenstemming met die Here se oorspronklike bedoeling, wat sal lei tot die genesing en transformasie van gemeenskappe waarin eensgesindheid en vrede sal heers. Dank die Vader vir baie mense wat gedurende 2008 van baie pyn en seerkry uit die verlede genees is, vir versoening tussen mense van verskillende etniese groepe en vir Sy strategie om sinvolle opvolgsessies te laat plaasvind. Bid dat Hy mense van alle groepe in Suid-Afrika as spanne sal stuur om deel te neem aan die werksgroepe. (*Mercy Ministries SA*. Posbus 2148, Rensburg, 1439. Tel.: 079 516 5428 of faks: 086 647 1522. Webruimte: www.mercy.givengain.org of e-pos: mercyminsa@lantic.net).

Gebedsfokus op pasgeborenes: Derde *Window of Life* vir ongewenste babas in Pole ingewy
Die *Window of Life*, die derde van dié aard in Pole, is 'n plek waarheen moeders wat nie vir hulle kinders kan sorg nie, pasgebore babas anoniem en veilig kan bring sodat daar vir die kinders gesorg kan word en hulle ook vir aanneming beskikbaar gestel kan word. In Pole het aborsie die afgelope aantal jaar die lewens van bykans 20 miljoen kinders geëis. Die *Window of Life* is in die muur van 'n klooster ingebou. Dit is 'n warm en geventileerde vertrek met 'n venster wat van buite af oopgemaak kan word. Sodra 'n baba in die *Window of Life* geplaas word, gaan 'n alarm af wat die nonne waarsku, wat dan die baba kom haal en onmiddellik mediese sorg verleen. (Webruimte: http://www.lifesitenews.com/ldn/2009/jan/09011410.html). Loof die Here vir hierdie idee om vir pasgebore babas te sorg en vroue aan te moedig om nie aborsies te hê nie. Bid dat daar baie meer soortgelyke projekte as 'n uitkoms vir verwagtende vroue sal wees, veral in hierdie tyd waarin aborsies al hoe meer aangemoedig word.

Sondag 26 Julie 2009

Memoriseer
Die Naam van die Here is 'n sterk vesting; die regverdige vind daar skuiling **(Spr.18:10)**.

Skep jou persoonlike gebedshuis: Fokus op vergifnis
Vergeef ons ons oortredings
Vergifnis beteken letterlik om "los te maak" of "te laat gaan". As jy wil hê dat jou oortredings vergewe moet word, moet jy dit een vir een bely en erken dat jy verkeerd gedoen het. Om te kan besef dat jy verkeerd is, moet jy aan jou optrede dink. Die Heilige Gees help ons hiermee. Jesus het aan die kruis gesterf en Sy bloed gestort om al die sondes van die mense te bedek, maar jy moet Sy vergifnis aanvaar. Dit is gratis, maar jy het dit nie tensy jy dit jou eie maak nie. Jy moet erken dat jy 'n sondaar is en dan eers word dit aan jou oorhandig. In Christus het ons die geskenk van lewe en die kansellering van al ons sondes (**1 Joh.1:7**). Nogtans moet ons onsself verootmoedig en ons sondes bely elke keer as die Heilige Gees ons daarvan oortuig en om vergifnis vra.

Stel jouself in op God se perspektief: Wanneer laas het jy gaan sit en oor jou lewe gedink, hoe jy met ander mense kommunikeer, hoe jy jou onderneming bedryf en transaksies aangaan, of hoe jy met die persoon by die vulstasie of in 'n supermark praat? In plaas van om kruisies of regmerkies agter mense se name te plaas, moet ons liewer agterkom wat die ware verborge gesindheid in ons harte is. Dit is uit ons harte dat ons dade voortkom. Vra vir die Heilige Gees om vir jou te wys wat in jou hart is. Is jy kwaad? Teleurgesteld? Hoekom? Wat het gebeur? Skryf dit neer en begin om deur elkeen te bid. Onthou om met die Here te praat asof Hy by jou in die kamer teenwoordig is, want Hy is!
Gebedsfokus op die huwelik: Suid-Afrikaners se mening oor die huwelik

In 'n opname het slegs 43% van enkellopende mans nie saamgestem met die stelling dat pare voor die huwelik moet saambly nie. Vir enkellopende vroue was die getal 54%. (Webruimte: http://www.eighty20.co.za/). Die hoë egskeidingsyfer ontmoedig baie mense om te trou. Laat ons volhard met gebed vir gelukkige huwelike, en vir ongetroude jong volwassenes om hulle vertroue in die Here te plaas vir 'n gelukkige huwelik. Bid ook vir hulle wat die pyn van egskeiding deurmaak, dat hulle werklik heling en vrede sal verkry en op die Here sal vertrou vir hulle en hulle kinders se versorging.

Mans-wat-bid: HOE OM VERLIES VAN JOU WERK TE HANTEER

Om te hoor 'jy is afgedank' of 'ons verminder personeel' kan die hardste woorde wees wat jy in jou lewe mag hoor. Dit hoef egter nie die einde van die wêreld te wees nie. Dit kan eintlik die begin van 'n nuwe lewe vir jou wees. Nogtans is dit belangrik om op praktiese maniere na die realiteite van die lewe te kyk. Die volgende is 'n paar riglyne vir gebed vir iemand (of vir jouself) wat 'n werk verloor het en nog nie ander werk gekry het nie. Ons gee hierdie riglyne met groot omsigtigheid en besef daar is nie kitsoplossings vir hierdie dikwels baie pynlike situasie nie.

1. **Aanvaarding.** Gee tyd vir aanpassing. Die skok van werksverlies en trauma tref gewoonlik eers 'n paar dae daarna. ***Gebed:*** *Hou aan bid vir hulle in die dae en weke nadat hulle gehoor het hulle het hul werk verloor. Bid die Here se beskerming oor hulle harte en gedagtes en dat hulle elke gedagte gevange sal neem en dit aan Christus gehoorsaam sal maak* (**2 Kor.10:4-5**). *Vra dat hulle God se krag en liefde en selfbeheersing sal ondervind* (**2 Tim.1:7**). *Bid dat hulle eerlik oor hulle emosies sal wees en in staat sal wees om aan hulle gesinne oor te dra wat gebeur het, dat hulle nie die waarheid van hulle gesinne sal weerhou nie.*
2. **Evalueer.** Dit is vir hulle belangrik om die situasie waarin hulle hulle bevind, 'rasioneel' te evalueer, d.w.s. met so min moontlik emosies betrokke. Wat is hul maandelikse verantwoordelikhede, ens.? Hulle mag gevoelens van waardeloosheid beleef ten spyte van hulle ware vermoëns, kwalifikasies en insette gelewer. ***Gebed:*** *Bid dat hulle in staat sal wees om saam met God daarna te kyk. Vra dat God hulle sal wys wat hulle werklike waarde in Sy oë is. Bid vir hulle beskerming teen die vurige pyle van die vyand* (**Ef.6:10-1-6**) *en dat hulle op die Here sal vertrou ten spyte van hulle huidige omstandighede. Bid dat hulle sal verstaan dat God nooit verras is as so iets gebeur nie. Bid dat hulle juis nou lang tye by God sal sit om Sy stem te hoor oor die plan van Sy hart vir hulle: Hy wil vir hulle voorspoed gee, 'n verwagting vir die toekoms!* (**Jer.29:11**). Bid dat hulle dit sal glo.
3. **Stel 'n CV/besigheidsplan op of oorweeg verdere studie**. Nadat die huidige toedrag van sake geëvalueer is, en daar biddend geluister is na wat God se plan is, is dit belangrik om dit neer te skryf en dan daarop te reageer. Praktiese wenk: Indien enigsins moontlik, moet die persoon aanhou studeer en ook in kontak bly met dit wat in die wêreld gebeur. ***Gebed****: Bid dat hulle in staat sal wees om God se stem in hierdie tyd te hoor. Vra dat vriende gereeld met hulle sal saambid en hulle aanmoedig om God se plan vir hulle lewens te vind. Vra ook vir wysheid oor hoe hulle hulleself beter kan toerus deur verdere studie. Bid dat hulle nie betrokke sal raak by geldmaakskemas of enigiets wat groot somme geld vereis wat hulle in onnodige skuld kan dompel nie. Vra dat God hulle sal beskerm en sal reël dat hulle dié mense ontmoet wat Hy wil hê hulle moet ontmoet. As hulle daaraan dink om hulle eie besigheid te begin, bid vir wysheid en versigtigheid in die besteding van geld vir 'n eie besigheid. Moedig hulle aan om kundige raad by die met ervaring te soek. Bid dat vriende en familie hulle nie sal begin vermy nie, maar juis naby sal wees en hulle emosioneel sal ondersteun.*
4. **Dink ondernemend**: Dit is nie verkeerd om 'n persoon wat sy/haar werk verloor het, aan te moedig om ondernemend te dink nie – dalk om 'n eie onderneming te begin eerder as om 'n werk met 'n maandelikse salaris te soek. ***Gebed:*** *Vra God dat Sy skeppende Gees hulle sal lei, dat hulle nie na een of twee pogings moed sal opgee nie. Dit neem gemiddeld 3.8 pogings om sukses te behaal. Bid dat hulle sal vasbyt en God se leiding sal soek. Bid dat hulle nie na mense se negatiewe kommentaar sal luister nie, dat hulle die Here sal vertrou en vorentoe sal beweeg.*
5. **Pensioen/lompsom uitbetalings.** Dikwels na 'n afdanking betaal firmas 'n pensioen uit en twee of drie maande se salaris. Moenie oor hulle persoonlike sake navraag doen as hulle nie self daaroor praat nie. En baie belangrik, moenie aan ander persoonlike inligting oordra wat met jou gedeel is nie. ***Gebed:*** *Bid dat hulle die geld wat hulle ontvang het, met oorleg sal spandeer en liewer onmiddellik alle uitstaande skuld sal betaal, sodat hulle nie nog die bekommernis van maandelikse paaiemente ook het nie. Bid ook dat hulle met wysheid sal oorweeg*

om 'n gedeelte van die geld te belê en nie alles op een slag uit te gee nie. Vra die Here se guns sodat hulle die geld dadelik sal ontvang wanneer hulle die firma verlaat en nie uitstaande skuld of slegte skuld sal hoef op te bou nie.

6. **Kwaliteit tyd.** Verhoudings met 'n lewensmaat, kinders en familie is nou van uiterste belang. ***Gebed:*** *Bid dat hulle nie sal wegskram van gesonde persoonlike verhoudings nie. Vra dat God hulle sal help om te reageer op die liefde en vriendskap van vriende en familie en om dit te aanvaar sonder om agterdogtig te wees oor hulle bedoelings. Hou aan om te bid dat God hulle in kontak sal bring met goeie vriende wat gereeld saam met hulle sal bid. NB. Bid dat hulle nie selfmoord sal oorweeg nie.*
7. **Regte besluite.** Moedig hulle aan om hulle prakties en emosioneel gereed te hou vir moontlike onderhoude en bereid te wees om aanpassings te maak en dinge anders te doen. ***Gebed:*** *Bid vir hulle as hulle gaan vir onderhoude vir moed, selfvertroue en entoesiasme, omdat afdanking gewoonlik mense se menswaardigheid aantas en sigbaar in hul optrede kan wees. Bid dat hulle vrede sal maak met die uitkoms van onderhoude en dat hulle sal aanhou om die Here te vertrou vir die regte posisie in die regte omstandighede. Stuur bv. dadelik 'n sms aan 'n klompie getroue voorbidders om saam te bid wanneer hulle 'n onderhoud vir 'n moontlike werk het.*
8. **Die gesin.** Gesinslede voel jammer vir die ouer wat sy werk verloor het. Kinders mag onttrek, kwaad of skaam wees wanneer dit gebeur. 'n Lewensmaat sal beslis verantwoordelik voel om die gesin emosioneel en finansieel te dra wanneer moontlik. Dit mag die persoon wat sy werk verloor het, se menswaardigheid verder aantas en hom verder verneder. ***Gebed:*** *Bid vir elke gesinslid waar een ouer sy werk verloor het. Veral waar ouers geskei is en dit 'n invloed het op die betaling van maandelikse toelaes en skoolfondse vir die kinders. Vra die Here om jou te wys hoe om na hulle uit te reik op praktiese maniere sonder om hulle te laat voel jy is jammer vir hulle. Wees net hulle vriend, luister na hulle en behalwe om vír hulle te bid, maak van die tyd en geleentheid gebruik om sáám met hulle te bid, DIKWELS!*
9. **Juig, wees bly.** Daar sal 'n tyd kom dat hulle weer 'n werk kry, of sal kan begin met 'n besigheid en op die been kom. Maak iets spesiaals daarvan, dank die Here dat Hy hulle deurgedra het en so baie gebede verhoor het!

Maandag 27 Julie 2009

Gebedsfokus op redding: Eienaars van mikroleningsondernemings

Baie mense begin met 'n mikroleningsonderneming met die hoop dat hulle baie geld sal maak. Die veranderde ekonomiese omstandighede het egter tot gevolg gehad dat dit vir baie van hulle meer gekos het as wat hulle beplan het. Dra die eienaars van mikroleningsondernemings in gebed aan die Here op. Vra dat hulle eerlik sal wees in hulle ondernemings en om vergifnis sal vra waar hulle dit nie was nie. Vra dat baie restitusie sal doen vir hulle verkeerde dade wanneer hulle Jesus Christus as hulle persoonlike Verlosser vind.

Gebedsfokus op kinders: Deurbrake in die behandeling van vroeggebore babas

Navorsers het gevind dat 'n belangrike lipied in die brein, die omega 3-vetsuur bekend as dokosaheksanoësuur (DHS), nie voldoende ontwikkel is in babas wat voor 33 weke gebore word nie. Dit mag die verstandelike ontwikkeling affekteer. Veral premature dogtertjies wat 'n dieet ryk aan DHS ontvang het, toon veel beter verstandelike ontwikkeling as dogtertjies op 'n dieet laag in DHS. Babas wat minder as 1 250 g by geboorte geweeg het (sowat 'n derde van 'n voltermynbaba se gewig) en op 'n dieet ryk aan DHS geplaas word, vaar ook beter, met 'n 40% vermindering in die voorkoms van vertraagde verstandelike ontwikkeling. (Webruimte: http://www.sciencedaily.com/releases/2009/01/090114092844.htm). Dank die Here vir mediese deurbrake om kinders in hierdie benarde posisie te help. Bid dat die kinders wat sorg nodig het, binnekort die nodige behandeling sal kan kry.

Dinsdag 28 Julie 2009

Gebedsfokus op basiese behoeftes: Die getal honger kinders verminder geleidelik

Die persentasie Suid-Afrikaanse kinders wat honger ly (omskryf as 'dikwels' of 'altyd' honger) het verminder van 6,7% in 2002 tot 2% in 2007. (Bronne: GHS 2007. Webruimte: http://www.eighty20.co.za/). Prys die Here dat Hy Sy kinders se gebede verhoor het en die omstandighede van die kinders oor die afgelope paar jaar verander het. Laat ons nie moeg word om te bid dat meer kinders se lewensomstandighede sal verbeter nie. Bid dat meer kerke betrokke sal raak en na

minderbevoorregte mense sal omsien. 'n Groot deel van ons verantwoordelikheid as Gelowiges is om na die armes om te sien (**Matt.11:5, Spr.19:17, Ps.41:1**).

Feite in verband met water
Geen ander optrede het 'n groter geheelimpak op nasionale ontwikkeling en die publiek se gesondheid as die voorsiening van gesonde drinkwater en die behoorlike wegdoen met menslike afval nie. Die verbetering van die mens se gesondheid is nie slegs afhanklik van skoon water nie, maar ook van goeie gewoontes ten opsigte van persoonlike higiëne en die gebruik van sanitêre geriewe. (Webruimte: http://www.water.org/waterpartners.aspx?pgID=916). Bid asseblief vir effektiewe, bekostigbare metodes om alle water te suiwer, van menslike afval ontslae te raak en vir voldoende wateropgaarplekke oral in die wêreld.

Woensdag 29 Julie 2009
Suid-Afrikaners se persoonlike bates
Werklike tot-op-datum Suid-Afrikaanse statistiek is nie gereeld beskikbaar nie. In 'n *Finscope 2005* verslag het 39% van huiseienaars in Suid-Afrika gesê dat hulle hulle huise geërf het; 15% het gesê iemand anders het vir hulle huise betaal, en 12% het verbandlenings uitgeneem. Ander antwoorde sluit in dat hulle huise met spaargeld gekoop het, of met behulp van 'n staatstoelae of inkomste wat verkry is deur 'n ander eiendom te verkoop. Dank die Here vir elkeen wat oor die afgelope dekade 'n eie huis bekom het. Bid dat diegene wat verbande of lenings het, hulle maandelikse betalings getrou sal kan bly afbetaal en nie agterstallig sal raak en hulle eiendom verloor nie. Bid ook dat hulle hulle geld oordeelkundig sal bestee en sover moontlik nie geld teen 'n tweede verband hoef te leen nie.

Gebedsfokus op tienderjariges: Tieners gedwing tot prostitusie by stilhouplekke vir vragmotors
Koppelaars (*pimps*) "netwerk" regoor Amerika en stel mekaar in kennis waar "goeie geld gemaak kan word". Die prostitute, vergesel deur hulle betaalde hanteerders, word met vliegtuie en vragmotors aangery na die betrokke bestemmings. Die gemiddelde ouderdom van kinders wat die eerste keer vir prostitusie gebruik word, is tussen 11 en 14 jaar, met party so jonk as 9 jaar, en dit sluit vroulike en manlike slagoffers in uit alle etniese en sosio-ekonomiese agtergronde. (Webruimte: http://www.thetrucker.com/News/Stories/2009/1/27/Thousandsofteenssaidcaughtupinweboftruckstopprostitution.aspx).
Hierdie is slegs een voorbeeld van prostitusie in Amerika. Laat ons tot die Here roep oor gedwonge kinderprostitusie. Bid dat die "hanteerders" van kinderprostitute wêreldwyd gevang, vervolg en gevonnis sal word, en ook dat internasionale kinderprostitusie-netwerke doeltreffend opgespoor en toegemaak sal word.

Donderdag 30 Julie 2009
Fokus op gesondheid: MIV-behandeling in Suid-Afrika
Antiretrovirale middels (ARM's) is die enigste bekende behandeling wat konsekwent effektief is vir die vertraging van die oorgang van MIV na VIGS. Die jongste skatting van die *Wêreldgesondheidsorganisasie* is dat die 460 000 Suid-Afrikaners wat teen die einde van 2007 *ARM's* ontvang het, net 28% is van die aantal wat behandeling nodig het. Daar word geskat dat slegs 340 000-350 000 in Februarie 2008 nog onder behandeling was (die ander is oorlede of het opgehou met die behandeling). (Webruimte: http://www.avert.org/aids-south-africa.htm). Laat ons volhard in gebed vir 'n deurbraak en dat die golf van uitwissing in ons land gestuit sal word. Bid dat duisende hulle tot die Here Jesus Christus sal bekeer en hulle lewenstyl geheel en al sal verander. Bid dat ongetroudes wat nie VIGS het nie, onthouding soos die Bybel ons leer sal toepas en die heiligheid van die huwelik sal respekteer.

Asië: Ontworteling van taalgroep skep geleentheid
Twee Bybelvertalers in Asië berig dat die ontworteling van die taalgroep met wie hulle saamgewerk het, geleenthede geskep het om Skrifgedeeltes te versprei! Noodlenigingswerk gaan voort en werkers vra meer Skrifgedeeltes. Bid dat baie van die 2 000 eksemplare van Lukas en Genesis wat tans herdruk word, binnekort in die hande van die mense in Asië sal kom. Bid dat die Here die doel sal bereik waarvoor Hy sy Woord uitstuur. Bid vir die twee vertalers wat aan 'n liedere boek vir kinders werk en vir hulle voortgesette betrokkenheid by die vertalings. (Lars Widerberg, *Intercessors*

Network, Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com).

Internasionale relevante sake: Wêreld aborsie tendense

1. **Die aantal aborsies neem af**. Tussen 1995 en 2003 het die aantal geïnduseerde aborsies wêreldwyd afgeneem vanaf byna 46 miljoen tot ongeveer 42 miljoen. Ongeveer een uit elke vyf swangerskappe oor die wêreld loop uit op 'n aborsie. Die meeste aborsies kom voor in ontwikkelende lande – 35 miljoen jaarliks, in vergelyking met sewe miljoen in ontwikkelde lande – 'n verskil wat grootliks die relatiewe bevolkingsverdeling reflekteer. ***Gebed:*** *Dank die Here vir die afname in die aantal aborsies wat wêreldwyd uitgevoer word. Bid veral vir die moeilike omstandighede waarin vroue in ontwikkelende lande hulle bevind bv. verkragting, bloedskande, geloofsoortuiging, ens. wat bydra tot die uitvoer van groot getalle aborsies; dat hierdie dinge op 'n praktiese manier omgekeer sal word.*
2. **Asië doen die meeste aborsies.** Omdat die wêreld se bevolking in Asië gekonsentreer is, vind die meeste aborsies daar plaas (26 miljoen jaarliks); nege miljoen hiervan kom in Sjina voor. ***Gebed:*** *Bid vir vroue in hierdie wêreldstreek. Hulle kom voor uiters moeilike situasies te staan, persoonlik sowel as deur wetgewing, veral in Sjina waar paartjies beperk word tot een kind per gesin. Bid vir God se genade oor die ongebore kinders, vir wonderwerke in onmoontlike omstandighede en dat moeders vir hulle babas mag sorg wanneer hulle gebore word. Bid ook vir vaders wat hulle verantwoordelikhede sal nakom en dit nie aan die vrouens alleen sal oorlaat om hierdie uitdagings die hoof te bied nie.*
3. **Wetgewing stop nie aborsies nie.** Wetlike beperkings op aborsies verhoed nie dat dit plaasvind nie. In Afrika bv., waar aborsies oor die algemeen onwettig is, is die syfer hoër. Die laagste syfer in die wêreld kom voor in Wes- en Oos-Europa, waar aborsies wettig is met min beperkings. Armoede en vrees dat die swangerskap aan die lig sal kom, is 'n paar van die belangrikste redes vir aborsies. ***Gebed:*** *Bid dat God sal ingryp in die harte en denke van mense sodat hulle die gawe van lewe wat aan hulle geskenk is, sal verstaan. Bid veral vir diegene wat swanger raak as gevolg van ongelukkige omstandighede buite hulle beheer. Bid dat hulle Christus sal vind en ook genesing vir die skande en trauma van so 'n ondervinding.*
4. **Aborsies eis lewens.** Wêreldwyd is 48% van alle geïnduseerde aborsies onveilig. 'n Beraamde vyf miljoen vrouens word jaarliks gehospitaliseer vir behandeling van aborsieverwante komplikasies. Jaarliks verloor ongeveer 220 000 kinders regoor die wêreld hulle moeders as gevolg van aborsieverwante sterftes. ***Gebed:*** *Dra alle kinders wat wees gelaat is as gevolg van moeders wat 'n aborsie ondergaan het, op in gebed. Bid dat God hulle sal vertroos en Jesus Homself aan hulle sal openbaar as hulle Vriend in nood. Vra dat weesgelate kinders in goeie sorg geplaas sal word en nie deur familielede of ander volwassenes mishandel sal word nie.*
5. **Aantal swangerskappe beëindig.** Meer as een derde van die ongeveer 205 miljoen swangerskappe wat jaarliks wêreldwyd voorkom, is onbeplan en ongeveer 22% van alle swangerskappe eindig in geïnduseerde aborsies. ***Gebed*****:** *Bid vir moeders wat graag kinders wil hê, maar 'n baba verloor as gevolg van 'n natuurlike aborsie. Vra dat, veral in lande waar dit van vrouens verwag word om kinders in die wêreld te bring, veral seuns, vrouens guns by hulle mans sal vind en hulle mans hulle nie a.g.v. hiervan sal verwerp om met 'n ander vrou trou nie.*
6. **Ontwikkelde lande persentasiegewys skuldig.** Van die 23 miljoen swangerskappe wat in ontwikkelde lande voorkom, is meer as 40% onbeplan en 28% eindig in geïnduseerde aborsies. ***Gebed:*** *Bid vir jonk en oud wat 'n leefstyl van 'seks vir pret' het en dan van ongewenste swangerskappe ontslae raak deur aborsies. Vra dat toekomstige moeders as jongmeisies God se stem sal hoor, dat hulle van vroeg af hulle vertroue in Hom sal stel en rein sal lewe sodat kinders se lewens bewaar kan word. Bid dat as daar wel buite-egtelike swangerskappe is, daar geleenthede sal wees om pasgebore babas te laat aanneem as hulle nie self vir die baba kan sorg nie. Bid vir meer inisiatiewe soos 'Window of Life' in al die lande van die wêreld waar ongewenste pasgebore babas ingeneem en versorg kan word.*
7. **Verskillende gesigte van aborsies.** *Opsetlike aborsies* kom voor wanneer die nuwe mensie opsetlik doodgemaak word om terapeutiese of selektiewe redes deur chemiese of chirurgiese metodes. *Onopsetlike aborsies* kom voor wanneer die nuwe mensie onopsetlik geaborteer word bv. a.g.v. 'n miskraam. Die moeder mag of mag nie daarvan bewus wees nie, omdat die geaborteerde baba saam met haar periode kan uitspoel.

Toevallige verlies van die fetus as gevolg van natuurlike oorsake staan in mediese literatuur bekend as "spontane aborsie". *Abortifacient* is 'n middel wat 'n nuutgevormde mensie doodmaak óf deur die reeds gevormde baba direk dood te maak óf deur implantasie wat swangerskap verhoed en so 'n aborsie veroorsaak, opsetlik of onopsetlik. ***Gebed:*** *Bid vir moeders wat met hierdie moeilike 'gesigte van aborsie' te doen kry. Bid dat God diegene wat 'n baba onopsetlik of deur 'n miskraam verloor het, sal vertroos. Bid dat ander die gevaar van so 'n besluit vir hulle persoonlike gesondheid sal besef en dat hulle instinktief alles sal probeer om die lewe van hulle ongebore kind te red.*

8. **Gebrek aan voorbehoedmiddels die rede vir hoë swangerskapsyfer.** Meer as 100 miljoen getroude vroue in ontwikkelende lande het 'n behoefte aan voorbehoedmiddels; hulle is seksueel aktief en in staat om swanger te raak; wil nie gou of glad nie 'n kind hê nie; maar gebruik geen voorbehoedmiddels - modern of tradisioneel – nie. Voorbehoedmiddels kan in verskeie kategorieë ingedeel word, maar bestaan hoofsaaklik uit dié wat swangerskap verhoed en dié wat "n bevrugte eiersel afbring'. ***Gebed:*** *Bid oor hierdie situasie*, *veral in ontwikkelende lande. Vra dat vrouens toegang sal hê tot voorbehoedmiddels wat swangerskap op een of ander manier sal verhoed, sodat hulle dit nie eers sal hoef te oorweeg om 'n aborsie te ondergaan nie. Bid vir die nodige fondse om dit wêreldwyd vir vrouens moontlik te maak.*
9. **16 Lande oor 10 jaar verslap aborsiewetgewing.** In die 10 jaar sedert die laaste wêreldoorsig oor die aborsiebeleid (1998-2007), het 16 lande die gronde waarvolgens aborsies wetlik uitgevoer mag word, vermeerder; terwyl twee lande al hulle wetgewing teen aborsies geskrap het. Die lande wat hulle standpunte verander het, is Benin, Bhutan, Tsjad, Colombië, Ethiopië, Guinee, Iran, Mali, Nepal, Niger, Portugal, Sint Lucia, Swaziland, Switserland, Thailand en Togo. Twee streke en een staat in Australië en ses state in Meksiko het ook hulle wetgewing geliberaliseer. In teenstelling hiermee het El Salvador en Nicaragua hulle reeds beperkende wette so verander dat aborsies nou heeltemal verbied word, ***Gebed:*** *Bid vir elkeen van hierdie lande by die naam*, *vra die Here om die harte en verstand van diegene in regeringsposisies aan te raak oor hulle besluite om aborsies aan te moedig. Bid vir invloedryke individue wat kan opstaan en in die openbaar guns kan wen vir wetgewing teen aborsies. (Dit is bv. a.g.v. 'n vrou dat godsdiens in Amerikaanse skole verbied is!) Dank die Here vir die lande wat hulle standpunt teen aborsies verstewig het.*
10. **Aborsies word wêreldwyd meer aanvaarbaar.** Wêreldwyd geniet medikasie ten gunste van aborsies groot aanvaarding. Minstens 39 lande het geregistreerde aborsiemedikasie, 35 gedurende die laaste 10 jaar. ***Gebed:*** *Ten spyte van die oorweldigende statistiek, laat ons daarop staan dat die stewige fondasie van God se troon van geregtigheid en reg gevestig sal word met betrekking tot hierdie saak in élke land van die wêreld. Proklameer die Naam van die Here oor wetgewing wat aborsies wettig, roep uit vir geregtigheid en reg. Vra God om nederige, sterk manne en vroue op te rig in elke land van die wêreld wat hulle sal beywer vir die uitskakeling van hierdie probleem.*

(Die gebedsriglyne hier voorgestel is dié van die skrywer van hierdie artikel. Feite is geneem vanuit van die volgende bronne. Bronne: http://www.guttmacher.org/pubs/fb_IAW.html en http://www.christiantelegraph.com/issue3695.html en http://www.guttmacher.org/pubs/fb_IAW.html).

Vrydag 31 Julie 2009

Gebedsfokus op onderwys: Graad 12-getalle neem toe

Die persentasie Suid-Afrikaners wat oor Graad 12 beskik, het gestyg van 25% in 1996 tot 35% in 2006. Die persentasie volwassenes met geen skoolonderrig nie is oor dieselfde tydperk tot 6% gehalveer. (Webruimte: http://www.markettree.co.za/). Dank die Here vir die toenemende verandering. Hou asseblief aan om vir die onderwysstelsel te bid: Dat standaarde sal verbeter, dat leerlinge bereid sal wees om te studeer en 'n toekoms vir hulleself te bou. Bid veral dat leerders in graad 12 vanjaar getrou in hulle studies sal wees.

Gebedsfokus op Israel: Om hulle tot die Here te wend

Bid Jesaja 30:19: *Jy, volk in Sion, jy wat in Jerusalem woon, jy hoef nie meer te huil nie. Die Here sal jou genadig wees as jy na Hom roep om hulp, Hy sal jou gebed verhoor sodra Hy dit hoor.* Bid vir die mense van Israel dat hulle hulle harte en oë na die Here sal wend. Bid dat die Here hulle in hierdie moeilike tye sal antwoord. (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webruimte: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net).

Saterdag 1 Augustus 2009

God is toeganklik: Ek bely, verklaar en glo dat U 'n toeganklike God is. Openbaar Uself aan die mense van ons land. Moenie Uself vir ons verberg nie. Ons bid dat Christene en nie-Christene sal verstaan dat hulle na U genadetroon mag kom om gehelp te word (**Heb.4:16**). Ons bely en proklameer: dat wanneer ons tot U roep, U ons sal hoor en groot en onverstaanbare dinge vir ons duidelik sal maak oor die werk en verantwoordelikheid van die Kerk in ons land en die wêreld (**Jer.33:3**). Mag die mense in ons land U sien soos U werklik is.

Gebedsfokus op die gesin: Jong volwassenes beskou die huwelik nie as die "beste verhouding" nie

Die meeste jong volwassenes huldig nie die siening van hulle ouers se generasie oor die belangrikheid om met 'n langtermynmaat te trou nie. Minder as 4 uit 10 volwassenes tussen die ouderdomme van 18 en 34 glo dat die huwelik die beste tipe verhouding is, vergeleke met meer as 8 uit 10 pensioenarisse. Die bevindings volg net dae nadat 'n verslag gegrond op regeringstatistiek te kenne gegee het dat getroude pare volgende jaar in die minderheid sal wees, namate al meer mense kies om buite die huwelik saam te leef. (Webruimte: http://www.telegraph.co.uk/family/4360930/Marriage-not-regarded-as-best-relationship-by-young-adults.html). Laat ons volhard in gebed vir jongmense, dat hulle sal terugkeer na God. Bid ook vir die herstel van jongmense se drome vir 'n toekoms ten opsigte van 'n stabiele gesin.

Sondag 2 Augustus 2009

Memoriseer

Die Here God kom, Hy is die Magtige, Hy regeer. Hy bring die volk saam wat Hy Syne gemaak het, dié wat aan Hom behoort, is by Hom (**Jes.40:10**).

Skep jou persoonlike gebedshuis: Fokus op vryheid

Soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree

Waarom is dit vir ons nodig om elke dag te vergewe? **Hebreërs 12:15** sê: *Sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie. Sorg dat daar nie verbittering soos 'n wortel uitspruit, moeilikheid veroorsaak en baie besmet nie*. Deur gereeld te bely en om vergifnis te vra as jy iets verkeerds gedoen het, sal jy voorkom dat kleiner kwessies tot groot probleme opbou. Vergifnis is die sleutel in die herstel van gemeenskap met God en ander mense. Vergifnis is 'n voortdurende proses, want sodra jy met die verlede afgereken het, sal nuwe situasies in die hede hulle voordoen. Niemand van ons gaan deur die lewe sonder dat ons ego gekrenk word, of sonder dat ons deur iemand te na gekom of seergemaak word nie. Hierdie dinge laat 'n letsel op die siel as dit nie voor die Here bely en laat staan word nie. Een psigiater het onlangs gesê dat sy meer genesing gesien plaasvind het vandat sy pasiënte aangemoedig het om ander te vergewe.

Stel jouself in op God se perspektief: Dit is moeilik om ontslae te raak van die seerkry wat ander jou aangedoen het. Die waarheid is egter dat dit vir jou moeiliker gaan wees as vir hulle. Die las word so swaar. Hoewel dit moeilik is om jou eie onvergewensgesindheid te erken, is dit in jou eie belang om deur die proses te gaan om ander te vergewe, selfs al sê hulle nooit hulle is jammer nie. Om te besef hoe maklik jy self verkeerde dinge kan doen en hoe graag jý wil hê dat die Here jou moet vergewe, is belangrik wanneer ek en jy sukkel om mense te vergewe vir iets wat hulle aan ons of ons dierbares gedoen het. Gebruik 'n bietjie tyd om oor situasies te dink wat nog nie opgelos is nie. Daar is geen beter tyd as hier en nou om voor die Here te erken dat jou bitterheid verkeerd was, om Sy vergifnis te vra asook Sy hulp om te vergewe nie.

Die leiding van God: Ek beroep my op die leiding van God. God is soos 'n herder wat Sy skape lei. U is my lamp wat helder skyn; U gee vir my lig as dit donker is om my (**2 Sam.22:29**). Ek bely, verklaar en glo dat U my in die waarheid sal lei en onderrig. In U stel ek elke dag my verwagting (**Ps.25:5**). Leer my U wil, Here, en lei my op 'n gelyk pad sodat my vyande nie hulle sin kry nie (**Ps.27:11**). U lei my op die regte paaie tot die eer van U Naam (**Ps.23:2-3**). Gee my U Gees, want U het belowe dat U Gees van die waarheid ons in die hele waarheid sal lei (**Joh.16:13**). Ek glo dat as ek die regte koers verlaat, ek 'n stem agter my sal hoor wat sê: "*Hier is die pad, loop hierlangs*" (**Jes.30:21**).

Maandag 3 Augustus 2009

Die onpartydigheid van God: Ek verklaar, bely en glo dat God nie partydig is nie, nie omkoopgeld aanneem nie en dat enige mens wat na Hom toe kom, gered kan word (**Deut.10:17**). Hy maak nie 'n onderskeid nie en neem in enige volk mense aan wat Hom soek, vereer en doen wat reg is (**Hand.10:34-35**). God is magtig, maar Hy sien op niemand neer nie, daarom roep ons Hom as Vader aan, Hy wat onpartydig oordeel (**1 Pet.1:17**). Daarom dien die mense Hom, en sien Hy nie dié raak wat dink dat hulle wysheid het nie (**Job 37:24**). Wie onreg doen, sal gestraf word oor die onreg wat hy gedoen het; die Here trek niemand voor nie (**Kol.3:25**). Mag die vrees vir die Here julle bybly! Wees versigtig en doen julle plig. By die Here ons God is daar nie onreg en bevoordeling en korrupsie nie (**2 Kron.19:7**). Hy sal elkeen volgens sy eie dade vergeld (**Rom.2:6**). God trek immers niemand voor nie en daarom kan ons ons met vrymoedigheid op die genade, liefde, beloftes, goedheid en barmhartigheid van God beroep, want dit is vir almal beskikbaar en Hy seën almal wat hom aanroep (**Rom.10:12**).

Gebedsfokus op redding: Mense in rolstoele

Bid vandag vir persone in rolstoele wat jy ken of teëkom. Vra die Here om vir jou 'n geleentheid te gee om na hulle uit te reik, hetsy eenmalig of deurlopend. Toon belangstelling in hulle lewensverhaal en bied aan om vir hulle behoeftes te bid. Bid dat hulle in staat mag wees om hulle situasie te aanvaar, diegene te vergewe wat vir hulle toestand verantwoordelik is (indien van toepassing) en hulle lewens aan die Here Jesus Christus as hulle hoop op heerlikheid oor te gee.

Dinsdag 4 Augustus 2009

Die heiligheid van God: Teenoor elke mens in hierdie land verkondig ons: Wysheid begin met eerbied vir die Here. Mense wat Hom eerbiedig, het werklik insig (**Spr.1:7**). Mag U heiligheid mense voor U laat buig sodat hulle wyse harte kan bekom. Heilig U Kerk. Mag U heiligheid binne-in die raadsale van ons land mense help om wyse besluite te neem.

Gebedsfokus op redding: 15 000 mense vind Jesus in die herlewing in die dorp Nokia

Die Finse dorp Nokia is die tuiste van een van die wêreld se voorste selfoonmaatskappye. Wat egter minder bekend is, is dat 'n geraamde 15 000 mense Jesus oor die afgelope 18 jaar in hierdie dorp gevind het. Duisende is genees en talle kerklike selgroepe het ontstaan. Die byeenkomste op Sondae trek nog steeds tot soveel as 6 000 mense. (Webruimte: http://www.christiantelegraph.com/issue4426.html). Dank die Here dat Hy die lewens van hierdie mense op soveel maniere aangeraak het, maniere waarvan ons meestal nie weet nie! Dank die Here vir wat Hy in hierdie gemeenskap gedoen het. Bid dat die getuienisse sal aanhou versprei en baie meer in die Koninkryk van God sal intrek.

Woensdag 5 Augustus 2009

Die heiligheid van God: Ek bely, glo en getuig dat God heilig is. Mag die mense in ons land U heiligheid sien en wegdraai van sonde en ongeregtigheid. Wie kan in die teenwoordigheid van die Heilige God van hemel en aarde staan? (**1 Sam.6:20**). Mag U heiligheid mense van sonde oortuig en dat hulle sal verstaan dat niemand God sonder heiligmaking sal sien nie (**Heb.12:14**). Ons bely en proklameer teenoor die hele wêreld: God is 'n verterende vuur (**Heb.12:29**). Saam met die 24 ouderlinge, die menigte van engele in die hemele en die vier lewende wesens rondom die troon van God wil ons dag en nag uitroep: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom (**Op.4:8**).

Gebedsfokus op redding: Tanganjikameer

Minder as 1% van die mense wat by die Tanganjikameer bly, is Christene. Vra dat God Sy beloftes wat ook vir hulle is, sal vervul, asook Sy planne om hulle voorspoed te laat ervaar en hulle nie skade aan te doen nie, en planne om hulle hoop en 'n toekoms te gee. Bid dat hulle God met hulle hele hart sal begin soek (**Jer.29:10-14a**). Dank God vir die vooruitgang van Sy koninkryk. Verskeie kerke en uitreikgroepe het hande gevat met die sendelinge en dit het God se hart vir die verlorenes gewys. Prys God vir Sy liefde en ontferming. (*OM/ProChristo, Good News II Ministry.* Webruimte: www.ltprayer.org of e-pos: gnews2@gmail.com).